

# DIE WYSHEID VAN SALOMO

wat ook genoem word

## DIE BOEK VAN WYSHEID

### Inleiding

Daar word vandag algemeen aanvaar dat die naam van Salomo as skrywer van die boek as literêre tegniek gebruik word om aan die boek die outoriteit van Salomo se wysheid te verleen. Verder is aanvanklik deur enkele geleerdes gemeen dat die *Wysheid van Salomo* 'n kollektiewe werk is wat tot stand gekom het deur verskeie skrywers. Maar hierdie gedagte is wel gou in die kiem gesmoor deurdat aangedui is dat eenvormigheid van taal en styl die hele werk karakteriseer en die eenheid van 'n enkele outeur word in resente tye bevestig.

Kommentatore aanvaar dat dit afkomstig is uit Egipte. Die werk bevat 'n mengsel van Joodse godsdiens en Griekse filosofie wat kenmerkend is van die Aleksandrynse teologie. Verder weerspieël die skrywer se intense haat van Egiptenare die rol en aansporing deur inheemse Egiptenare in die vervolging deur Grieke van die Joodse gemeenskap in Aleksandrië. Egipte dra selfs groter blaam as Sodom (19:1-5, 13-17). Na alle waarskynlikheid is dit dus geskryf deur 'n geleerde, gehelleniseerde Jood van Aleksandrië.

Geen konsensus bestaan oor die presiese ontstaansdatum van die boek nie, maar dit wil voorkom asof dit geskryf is in die tyd toe die ortodokse Judaïsme aangeval is (2:12,19-20), en 14:16-17 verwys waarskynlik na kennis van keiseraanbidding. Die meeste negentiende-

eeuse geleerdes het die ontstaan van die boek in die Ptolemeïese tydperk (1ste of 2de eeu vC) geplaas, maar taalkundige getuienis dui eerder op 'n periode nie vroeër as dié van Augustus nie, en heel waarskynlik val die ontstaan gedurende die keiserskapsperiode van Gaius Caligula (37-41 nC).

Die literêre genre wat deur die skrywer gebruik is word, word gewoonlik aangedui as die *logos protreptikos*, of aansporingsdiskoers, 'n genre wat dikwels smaadrede of skimprede insluit, wat so karakteriserend van die Hellenistiese tydvak was.

*Wysheid* word gekenmerk deur kort uitsprake wat nie met mekaar in verband staan nie en tipies is van die wysheidsliteratuur.

Geleerdes stem saam met die uitspraak van die Latynse kerkvader Hieronimus dat die skrywer se Grieks in die algemeen die indruk skep van Griekse elegansie. Sy styl herinner soms selfs aan dié van die Griekse liriese digkuns, terwyl verskillende vorme van retoriek aangewend word.

Die boek kan gerieflikheidshalwe in drie dele ingedeel word:

1:1 — 6:21 Onsterflikheid as gawe van Wysheid

6:22 — 9:18 Oorsprong, aard en mag van Wysheid

10:1 — 19:22 Rol van Wysheid in Israel se geskiedenis, met uitbreidings oor goddelike genade (11:15 — 12:22) en oor die oorsprong en ewels van afgodery (13 — 15)

# 1

## Onsterflikheid as gawe van Wysheid

<sup>1 \*\*</sup>Wees lief vir geregtigheid,  
regters van die aarde;<sup>a\*</sup>  
dink in goeie gesindheid oor die Here na  
en soek Hom met 'n opregte hart.

<sup>2</sup>Want Hy word gevind deur hulle  
wat Hom nie op die proef stel nie,<sup>\*</sup>  
en Hy verskyn aan hulle  
wat Hom nie wantrou nie.

<sup>3</sup>Slinkse gedagtes skei mense  
immers van God  
en wanneer sy mag getoets word,  
stel dit dwase mense aan die kaak.

<sup>4</sup>Want Wysheid sal nie 'n siel  
wat kwaad beplan, besoek nie,  
en sy sal nie in 'n liggaam  
wat deur sonde beheer word,  
gaan woon nie.<sup>\*</sup>

<sup>5 \*</sup>Want 'n heilige en gedissiplineerde gees<sup>b</sup>

---

\* **1:1-15** Spr 16:10-15

\* **1:1-2** 1 Kron 28:9

<sup>a</sup>**1:1 regters ... aarde:** Dit verwys waarskynlik na heersers wat die verantwoordelikheid het om oordele te vel.

\* **1:1 Wees ... aarde:** Ps 2:10; Wys 6:1-11

\* **1:2 Want Hy ... stel nie:** 2 Kron 15:2; Spr 8:17; Jer 29:13-14; Wys 6:12

\* **1:4 sy sal ... woon nie:** Sir 15:7-8; Wys 7:27; Rom 7:14-24

\* **1:5** Rom 8:2

<sup>b</sup>**1:4-5 gees:** Verwys hier na die totale mens — siel, liggaam en gees.

sal wegvlug van bedrog,  
weggaan van onverstandige gedagtes  
en skaam word wanneer onreg  
naderkom.

<sup>6</sup> \*Wysheid is immers  
'n mensliewende gees\*  
en sal nie iemand  
wat laster oor sy lippe laat kom,  
ongestraf laat bly nie.

Want God is die kenner van sy niere  
en die ware ondersoeker van sy hart<sup>c</sup>  
en die hoorder van sy tong.<sup>d\*</sup>

<sup>7</sup> Die Gees van die Here  
vul immers die wêreld\*  
en die Een wat alles bymekaarhou,  
weet wat gesê word.

<sup>8</sup> Daarom sal niemand ooit ongemerk  
onregverdige dinge sê nie,\*  
en sal geregtigheid  
tydens 'n teregwysing  
nooit by so iemand verbygaan nie.

---

\*1:6-7 Jer 23:24-25; Wys 7:22 — 8:8; 17:10

\*1:6 Wysheid ... gees: Wys 12:19

<sup>c</sup>1:6 kenner ... hart: Letterlik 'is die getuie van sy niere'. Niere en hart is 'n Hebreeuse idioom wat dui op 'n mens se diepste begeertes (verteenwoordig deur die niere) en gedagtes (verteenwoordig deur die hart).

<sup>d</sup>1:6 tong: Die tong word geassosieer met spraak.

\*1:6 Want ... tong: Jer 11:20

\*1:7 Gees ... wêreld: Ps 139:7-12; Spr 8:31

\*1:8 niemand ... sê nie: Spr 19:5; 22:12

<sup>9</sup> Want die planne  
van die goddelose mens  
sal ondersoek word  
en dit wat hy sê, sal aan die Here  
meegedeel word,  
sodat hy oor sy oortredings  
tereggewys kan word.

<sup>10</sup> \*'n Ywerige oor  
hoor immers alle dinge  
en die klank van 'n aanhoudende gemor  
kan nie weggesteek word nie.

<sup>11</sup> Pas dus op vir 'n vergeefse gemor  
en weerhou julle tonge van kwaadpraat,  
want nie 'n enkele woord  
sal sonder gevolge  
in die geheim geuiter word nie,  
en 'n beswadderende mond  
vernietig die siel.<sup>e</sup>

<sup>12</sup> \* Moenie die dood najaag  
deur julle afvallige lewe nie  
en moenie vernietiging uitlok  
deur julle optrede nie.

<sup>13</sup> \* Want God het die dood  
nie gemaak nie,  
en oor die vernietiging van die lewendes

---

\* **1:10-11** Num 14:27-28

<sup>e</sup>**1:11 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

\* **1:12** Rom 6:21

\* **1:13-14** Eseg 18:32; 33:11; Wys 2:23; 11:24-26; 2 Pet 3:9

verheug Hy Hom nie.

<sup>14</sup> \*Hy het immers alle dinge geskep  
sodat dit kan bestaan,  
en die skeppende kragte in die heelal is heilsaam.  
Daar is geen vernietigende gif  
in hulle nie  
en Hades<sup>f</sup> het nie 'n vesting  
op aarde nie.

<sup>15</sup> \*Geregtigheid is immers onsterflik.

<sup>16</sup> \*Goddeloses nooi Hades<sup>g</sup>  
egter uit deur hulle woorde en dade.  
Omdat hulle hom as 'n vriend beskou  
kwyn hulle weg;  
hulle gaan 'n ooreenkoms met hom aan,  
omdat hulle dit verdien  
om by hom te hoort.

## 2

<sup>1</sup> \*Omdat hulle nie logies redeneer nie,  
sê hulle mos onder mekaar:  
“Ons lewe is kort en vol pyn,  
en daar is geen genesing

---

\*1:14 Gen 1:31

<sup>f</sup>1:14 Hades: Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

\*1:15 Jes 51:6-8; Wys 5:15; 15:3

\*1:16 Spr 8:36; Jes 28:15; Wys 2:24; 15:6

<sup>g</sup>1:16 Hades: Letterlik 'hom'.

\*2:1-5 Pred 3:16-22; 4:2-3

\*2:1 Ons lewe ... pyn: Job 7:9; 14:1

vir 'n mens se einde nie;  
ons weet nie van iemand  
wat uit Hades<sup>h</sup> terugkeer het nie.\*  
<sup>2</sup> Want ons het deur die toeval  
tot stand gekom  
en hierna sal dit wees  
asof ons nie bestaan het nie.  
Die asem in ons neusgate  
is immers rook\*  
en die rede is 'n vonk  
in die klop van ons harte;  
<sup>3</sup> as dit geblus word,  
sal die liggaam tot as vergaan  
en die gees sal verdamp soos dun lug.  
<sup>4</sup> Ons naam sal mettertyd vergeet word\*  
en niemand sal ons dae onthou nie.  
Ons lewe sal verbygaan  
soos 'n wolk se laaste flardes;  
dit sal verdryf word  
soos mis wat deur die strale  
van die son verjaag  
en deur sy hitte oorweldig word.\*

---

<sup>h</sup>**2:1 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

\***2:1 ons weet ... het nie:** Job 7:9; vgl Op 1:18

\***2:2 Die ... rook:** Job 27:3

\***2:4 Ons naam ... vergeet word:** Job 18:17; Ps 9:6-7; Pred 2:16; 9:5

\***2:4 Ons lewe ... oorweldig word:** Jak 4:14

<sup>5</sup> Want ons lewensduur is 'n skaduwee  
wat verbygaan;\*  
ons einde kan nie herroep word nie,  
want dit is verseël en niemand  
kan dit verander nie.

<sup>6</sup> \*Kom, laat ons dus die goeie geniet  
terwyl dit daar is,  
en laat ons dit wat geskape is  
gretig benut, soos in ons jeug.

<sup>7</sup> Laat ons ons versadig  
met duur wyn en geurige olies  
en laat nie 'n enkele lentebloom  
by ons verbygaan nie.

<sup>8</sup> Laat ons ons met oleanderknoppe<sup>i</sup>  
kroon voordat hulle verwelk.

<sup>9</sup> \*Laat nie een van ons nalaat  
om deel te hê  
aan ons uitbundigheid nie.  
Laat ons orals tekens van ons vreugde  
agterlaat,  
want dit is wat ons toekom  
en dit is ons lot.

---

\***2:5 ons lewensduur ... verbygaan:** 1 Kron 29:15; Job 8:9; 14:2; Ps 39:6; 144:4

\***2:6** Pred 9:7; Jes 22:13; 1 Kor 15:32

<sup>i</sup>**2:8 oleanderknoppe:** 'n Immergroen sierstruik met wit, pienk of rooi blomme,  
Selonsroos.

\***2:9** Pred 2:10; 3:22



<sup>10</sup> Laat ons die arm regverdige<sup>j</sup> verdruk;  
laat ons nie vir die weduwee omgee nie\*  
en laat ons nie op die grysheid  
van die bejaarde man ag slaan nie.\*

<sup>11</sup> \*Maar laat ons krag  
die norm wees van wat reg is,  
want swakheid word as nutteloos  
uitgewys.

<sup>12</sup> Laat ons 'n lokval stel  
vir die regverdige,  
want hy is vir ons 'n hindernis  
en verset hom teen ons dade.  
Hy verwyt ons dat ons  
teen die wet sondig,  
en beskuldig ons daarvan dat ons  
teen ons opvoeding sondig.

<sup>13</sup> Hy maak daarop aanspraak  
dat hy kennis van God het  
en noem homself  
'n kind van die Here.\*

<sup>14</sup> Hy het 'n teregwysing  
vir ons idees geword.  
Selfs net om hom te sien,

---

<sup>j</sup>**2:10 regverdige:** Iemand wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

\***2:10 Laat ons ... omgee nie:** Eks 22:21-22; Am 2:6

\***2:10 laat ons nie op ... ag slaan nie:** Lev 19:32

\***2:11** Hab 1:11

\***2:13 noem ... Here:** Vgl Matt 27:43; Joh 8:55; 10:36

is vir ons 'n las,  
<sup>15</sup> want sy leefwyse verskil  
van ander mense s'n,  
en sy paaie is vreemd.  
<sup>16</sup> Ons word deur hom  
as vals beskou,  
en hy vermy ons paaie  
as iets wat •onrein is.  
Hy beskou die einde van die regverdiges as gelukkig,  
en spog dat God sý Vader is.\*  
<sup>17</sup> \*\*Laat ons sien of sy woorde waar is  
en laat ons toets wat gebeur  
aan die einde van sy lewe.  
<sup>18</sup> Want as die regverdige  
'n seun van God is, sal Hy hom help,  
en sal Hy hom red uit die hand  
van sy teenstanders.  
<sup>19</sup> Laat ons hom toets  
met beledigings en marteling  
sodat ons kan vasstel  
hoe inskiklik hy is,  
en sodat ons sy lankmoedigheid  
op die proef kan stel.  
<sup>20</sup> Laat ons hom tot 'n skandelige  
dood veroordeel,  
want volgens sý uitspraak

---

\*2:16 God ... is: Ps 89:27; Joh 5:18

\*2:17-20 Ps 22:8; Jes 53:7-9; Wys 5:4-5; Matt 27:43

\*2:17-18 Wys 3:1-3; 4:17; 5:2

sal daar mos vir hom  
beskerming wees.”

<sup>21</sup> \*So redeneer hulle,  
maar hulle dwaal,  
want hulle boosheid verblind hulle,

<sup>22</sup> en hulle ken nie  
God se geheime nie;\*  
hulle verwag ook nie  
dat heiligheid beloon word nie,  
en waardeer nie die eer  
wat blaamlose siele<sup>k</sup> ontvang nie.

<sup>23</sup> \*God het die mens tog geskep  
om onverganklik te wees  
en Hy het hom as beeld  
van sy eie ewigheid gemaak.

<sup>24</sup> \*As gevolg van die duiwel se afguns  
het die dood in die heelal gekom,  
en hulle wat by hom hoort,  
het ervaring daarvan.

---

\***2:21** Wys 5:6; Rom 1:21; Ef 4:18

\***2:22** ken nie ... geheime nie: Vgl Wys 2:13

<sup>k</sup>**2:22** siele: Mense se bewuste, innerlike self.

\***2:23** Gen 1:26-27; Ps 8:6; Wys 1:14-15; 5:15; 15:3; 1 Pet 1:23

\***2:24** Gen 3:1-24; Wys 1:16; Rom 5:12; Jak 1:14-15

### 3

<sup>1 \*\*</sup>Maar die siele<sup>l</sup> van die regverdiges<sup>m</sup>  
is in God se hand,  
en geen marteling sal hulle siele  
ooit aanraak nie.

<sup>2 \*</sup>In die oë van die dwases  
lyk dit of hulle dood is;  
hulle vertrek word as 'n ellende beskou

<sup>3</sup> en hulle weggaan van ons  
as vernietiging,  
maar hulle ervaar vrede.\*

<sup>4</sup> Want selfs al word hulle  
in die oë van mense gestraf,  
hoop hulle volkome op onsterflikheid.\*

<sup>5 \*</sup>Nadat hulle kortstondig  
gedissiplineer<sup>n</sup> is,  
sal hulle grootliks begunstig word,

---

\***3:1-3** Wys 4:7

\***3:1** Job 12:10; Joh 10:2

<sup>l</sup>**3:1 siele:** Mense se bewuste, innerlike self wat kan voortbestaan na hulle liggaamlike dood.

<sup>m</sup>**3:1 regverdiges:** Mense wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

\***3:2** Wys 4:17

\***3:3 hulle ervaar vrede:** Jes 57:2

\***3:4 onsterflikheid:** Wys 1:14-15; 2:23; 5:15

\***3:5-6** Deut 8:5; Spr 3:11-12; 17:3; Wys 11:9-10; 2 Kor 4:17; 1 Pet 1:6-7

<sup>n</sup>**3:5 gedissiplineer:** Die Griekse werkwoord *paideuō* kan benewens 'opvoed, onderrig' ook 'dissiplineer, tugtig' beteken; •Opvoed.

want God het hulle op die proef gestel  
en bevind dat hulle Hom waardig is.

<sup>6</sup> Soos goud het Hy hulle  
in 'n vuuroond getoets\*  
en soos 'n •brandoffer  
het Hy hulle aanvaar.

<sup>7</sup> \*Wanneer die tyd aanbreek  
dat Hy hulle besoek,  
sal hulle opvlam en soos vonke  
in droë strooi versprei.

<sup>8</sup> Hulle sal oor nasies oordeel  
en oor volke heers\*  
en die Here sal vir altyd  
oor hulle regeer.

<sup>9</sup> \*Diegene wat op Hom vertrou,  
sal die waarheid verstaan,  
en die getroues  
sal in liefde by Hom bly.

Want daar is genade en ontferming  
vir sy uitverkorenes.\*

<sup>10</sup> \*Die goddeloses sal egter  
op grond van hulle redenasies  
straf ontvang —

---

\***3:6 Hy ... getoets:** Job 23:10; Ps 66:10; Spr 17:3

\***3:7** Ps 37:6; Dan 12:3; Ob vs 18; Matt 13:43

\***3:8 Hulle ... heers:** Dan 7:27; Matt 19:28; 1 Kor 6:2

\***3:9** Joh 15:10; 16:13; 1 Kor 13:12

\***3:9 genade ... uitverkorenes:** Wys 4:15

\***3:10** Sir 12:6

hulle wat die regverdiges verontagsaam  
en van die Here weggedraai het.

<sup>11</sup> \*Want wie wysheid en onderrig  
minag, is ellendig;

hulle hoop is tevergeefs,  
hulle harde werk sonder waarde  
en hulle dade nutteloos.

<sup>12</sup> Hulle vroue is dwaas  
en hulle kinders boos;  
hulle nageslag is vervloek.\*

<sup>13</sup> Daarom, gelukkig  
is die onvrugbare vrou\*  
wat nie onteer is nie,  
wat nie gemeenskap  
deur 'n oortreding ervaar nie,  
want sy sal vrug dra  
wanneer mense<sup>o</sup> geoordeel word.

<sup>14</sup> \*Gelukkig is die eunug<sup>p</sup>  
wat nie deur sy dade  
'n wetsoortreding begaan  
en slegte dinge teen die Here  
bedink het nie,

---

\*3:11 Spr 1:7

\*3:12 hulle kinders ... vervloek: Ps 109:10; Wys 12:11; Sir 41:5-6

\*3:13 gelukkig ... vrou: Jes 54:1

<sup>o</sup>3:13 mense: Letterlik 'siele'. ft Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

\*3:14 Jes 56:3-5

<sup>p</sup>3:14 eunug: 'n Ontmante haremopsigter of hofamptenaar wat veral in 'n paleis werksaam was; •Kamerheer.

want vir sy trou sal aan hom

'n besondere guns bewys word,  
en die heerlikste lot in die tempel  
van die Here gegee word.\*

<sup>15</sup> \*Want roemryk is die vrug  
van goeie inspanning  
en die wortelstok van insig faal nie.

<sup>16</sup> \*Die kinders van egbrekers  
sal egter nie volwasse word nie,  
en die nageslag van onwettige  
gemeenskap sal vernietig word.

<sup>17</sup> Want al het hulle ook 'n lang lewe,  
hulle sal as nietig gereken word,  
en hulle ouderdom  
sal uiteindelik eerloos wees.

<sup>18</sup> En as hulle vroeg doodgaan,  
sal hulle geen hoop hê nie  
en op die oordeelsdag\*  
geen troos nie.

<sup>19</sup> \*Die uiteinde van die  
onregverdige geslag  
is immers ellendig.

---

\***3:14 heerlikste ... gegee word:** Op 3:12; 7:15

\***3:15** Spr 12:3

\***3:16-19** Deut 7:3-4; 2 Sam 12:14; Eseg 23:37; Wys 4:1,6

\***3:18 oordeelsdag:** 2 Pet 2:9

\***3:19** Ps 73:19

## 4

<sup>1</sup> Dit is beter om kinderloos  
en deugzaam te wees,\*  
want onsterflikheid bestaan  
in die herinnering aan deug,\*  
omdat dit deur God asook die mense  
erken word.

<sup>2</sup> Wanneer deug<sup>q</sup> aanwesig is,  
boots hulle haar na  
en wanneer sy weg is,  
smag hulle na haar.

Met 'n oorwinnaarskrans  
beweeg sy feestelik deur die tyd,<sup>r</sup>  
omdat sy die wedstryd  
vir onbesoedelde pryse gewen het.\*

<sup>3</sup> \*Die talryke nakomelinge  
van die goddeloses  
sal tot niks kom nie;  
nie een van die wilde lote  
sal diep wortelskiet  
of 'n vaste houvas kry nie.

<sup>4</sup> Want selfs al stoot hulle  
vir 'n tyd lank lote uit,

---

\* 4:1 beter ... te wees: Wys 3:16-19; Sir 16:3

\* 4:1 onsterflikheid ... deug: Spr 10:7

<sup>q</sup>4:2 deug: Letterlik 'sy'. Die deug word as vrou voorgestel.

<sup>r</sup>4:2 deur die tyd: Kan ook vertaal word: "deur die ewigheid".

\* 4:2 Met ... gewen het: Wys 5:16; 1 Kor 9:24-25

\* 4:3 Sir 23:25



sal hulle deur die wind geskud word  
omdat hulle onstandvastig is,  
en sal hulle deur die geweld van winde  
ontwortel word.

<sup>5</sup> Die takke sal groen afgebreek word;  
hulle vrugte is nutteloos,  
nie ryp genoeg om te eet nie  
en vir niks bruikbaar nie.

<sup>6</sup> \*Want kinders wat uit onwettige  
gemeenskap gebore word,  
is getuies van hulle ouers se boosheid  
wanneer die ouers verhoor word.

<sup>7</sup> \*\*Maar as 'n regverdige<sup>s</sup>  
voor sy tyd sterf, sal hy rus vind.

<sup>8</sup> \*Want 'n gerespekteerde ouderdom  
word nie aan 'n lang lewe  
en die aantal jare gemeet nie.

<sup>9</sup> Insig en 'n vlekkelose lewe  
bring vir mense die rypheid  
van gryse ouderdom.

<sup>10</sup> \*Omdat hy vir God aanvaarbaar was,  
was hy geliefd

---

\* 4:6 Wys 3:16-19

\* 4:7-19 Gen 5:21-24; Spr 3:16

\* 4:7 Wys 3:1-3

<sup>s</sup>4:7 **regverdige:** Iemand wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

\* 4:8-9 Job 32:9; Ps 119:100; Spr 16:31; Sir 25:4-6

\* 4:10 Gen 5:24; Sir 44:16; Heb 11:5

en terwyl hy tussen sondaars  
geleef het, is hy weggeneem.

<sup>11</sup> Hy is weggeruk sodat die kwaad  
nie sy begrip kon verander  
of bedrog sy siel<sup>t</sup> kon mislei nie.

<sup>12</sup> Want die betowering van die slegte  
verduister die goeie  
en die verwarring van begeerte  
verdraai die onskuldige denke.

<sup>13</sup> Alhoewel hy in 'n kort tydjie  
volmaak geword het,  
het hy nogtans 'n vol lewe gelei.

<sup>14</sup> \* Sy siel was vir die Here aangenaam,  
daarom is hy gou uit die midde  
van die boosheid weg.

Die mense het dit gesien  
en nie verstaan nie;  
hulle het ook nie daarmee  
rekening gehou

<sup>15</sup> \* dat daar genade en ontferming is  
vir sy uitverkorenes  
en dat God oor sy heiliges waak nie.

<sup>16</sup> Die regverdige wat gesterf het,  
sal die goddeloses wat leef, veroordeel,  
en die jeugdige wat in 'n kort tydjie  
volmaak geword het,

---

<sup>t</sup>4:11 **siel:** Hier verwys dit na die mens se oordeel.

\* 4:14 Jes 57:1-2

\* 4:15 Wys 3:9

sal die hoë ouderdom  
van die onregverdige veroordeel.  
<sup>17</sup> \*Want die onregverdiges<sup>u</sup>  
sal die einde van die wyse man sien  
en nie verstaan wat die Here  
vir hom beplan het  
en waarvoor Hy hom in veiligheid  
gebring het nie.

<sup>18</sup> Hulle sal dit sien en minag,  
maar die Here sal hulle uitlag.\*

<sup>19</sup> Hulle sal hierna lyke  
sonder eer wees,\*  
'n minagting onder die dooies vir altyd,  
want Hy sal hulle verpletter  
op die grond, hulle sprakeloos laat  
en hulle van hulle fundamente skud.  
Hulle sal tot die einde toe dor en bar  
gelaat word;  
hulle sal in pyn verkeer  
en die herinnering aan hulle  
sal vergaan.

<sup>20</sup> \*Hulle sal vol angs verskyn  
wanneer hulle sondes bereken word;  
hulle wettelose dade

---

\* 4:17 Wys 2:17-18; 3:1-3; 5:2

<sup>u</sup>4:17 onregverdiges: Letterlik 'hulle'.

\* 4:18 Here ... uitlag: Ps 2:4; 37:13; 59:9; Spr 1:26

\* 4:19 Hulle ... wees: Vgl Jer 22:19; 36:30

\* 4:20 — 5:23 Ps 1:4; 8:2; Jes 59:17

sal teenoor hulle staan  
en hulle veroordeel.

## 5

<sup>1</sup> Dan sal die regverdige<sup>v</sup>  
met volle vrymoedigheid staan  
voor diegene wat hom verdruk het  
en sy harde werk minag.

<sup>2</sup> \*Wanneer hulle hom sien,\*  
sal 'n groot vrees hulle beetpak,  
en hulle sal verbaas wees  
oor sy onverwagse redding.

<sup>3</sup> Hulle sal vol berou  
met mekaar praat  
en met 'n bedrukte gees  
sal hulle kla en sê:

<sup>4</sup> \*"Dit is die man vir wie ons vroeër  
uitgelag het  
en wat vir ons 'n toonbeeld  
van verguising was —  
hoe dwaas was ons nie!  
Ons het gedink sy lewe  
is waansinnig  
en sy uiteinde sonder eer.\*

---

<sup>v</sup>5:1 **regverdige:** Iemand wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

\*5:2 Wys 4:17

\*5:2 **Wanneer ... sien:** Op 1:7

\*5:4 Jes 52:13-15

\*5:4 **Ons ... eer:** Wys 2:20; 3:2-3

<sup>5</sup> \*Hoe kom dit dat hy  
onder die kinders van God  
gereken word,  
en sy lot onder die heiliges?<sup>w</sup>

<sup>6</sup> Ons het dus van die pad  
van die waarheid afgedwaal\* —  
en die lig van geregtigheid het  
oor ons nie geskyn nie  
en die son het vir ons  
nie opgegaan nie.\*

<sup>7</sup> Ons het versadig geraak  
van die paaie<sup>x</sup> van wetteloosheid  
en vernietiging  
en ons het deur ongebaande  
woestyne gereis,  
maar die pad van die Here  
het ons nie leer ken nie.

<sup>8</sup> \*Wat het ons hoogmoed  
ons gebaat?  
Wat het die rykdom  
met sy arrogansie  
ons in die sak gebring?

---

\*5:5 Job 1:6; Wys 2:18; Luk 20:36; Hand 20:32; 26:18; Kol 1:12

<sup>w</sup>5:5 heiliges: Die volk van God of die engele.

\*5:6 van die pad ... afgedwaal: Spr 21:16; Wys 2:21

\*5:6 die lig ... opgegaan nie: Dan 12:2-3; Kol 1:12

<sup>x</sup>5:7 Ons ... paaie: Ander manuskripte lui “Ons het verstrik geraak in die dorings”.

\*5:8 1 Tim 6:17

<sup>9</sup> \* Al daardie dinge het  
soos 'n skaduwee verbygegaan,\*  
en soos 'n boodskap wat verbysnel;<sup>y</sup>  
<sup>10</sup> \*\* soos 'n skip wat deur golwende  
water vaar,  
en wanneer dit verbygegaan het,  
geen spoor daarvan te vind is nie  
en geen pad van sy kiel  
deur die golwe nie;  
<sup>11</sup> of soos wanneer 'n voël  
deur die lug vlieg  
en geen teken van sy vlug  
gevind word nie  
— die ligte wind,  
geslaan deur die slag  
van sy vlerke  
en gesplyt deur die krag  
van sy vlug,  
word deurklief deur die beweging  
van sy vlerke  
en daarna word geen teken  
van sy koms daarin gevind nie —  
<sup>12</sup> of soos wanneer 'n pyl

---

\* 5:9-14 Jes 40:6-8

\* 5:9 soos ... verbygegaan: Wys 2:5

<sup>y</sup>5:9 boodskap wat verbysnel: Dit verwys na 'n boodskapper wat 'n boodskap van plek tot plek bring.

\* 5:10-11 Spr 30:18-19

\* 5:10 Job 9:26

na 'n teiken geskiet word,  
die lug deurklief word  
en dadelik weer bymekaarkom  
sodat 'n mens nie van sy deurgang  
weet nie.

<sup>13</sup> Só is ons ook gebore  
en het ons vergaan  
en het ons geen teken van deug  
gehad om te wys nie,  
maar is ons verteer  
deur ons boosheid.”

<sup>14</sup> Want die hoop van die goddelose  
is soos kaf wat deur die wind  
verstrooi word\*  
en soos ligte ryp wat deur  
'n stormwind verdryf word.  
Soos rook word dit deur die wind  
weggewaai,\*  
vervaag dit soos die herinnering  
aan 'n besoeker  
wat slegs een dag oorbly.\*

<sup>15</sup> Maar die regverdiges  
leef vir altyd\*  
en hulle beloning is in die Here;\*

---

\*5:14 kaf ... verstrooi word: Ps 1:4; 68:3; Hos 13:3

\*5:14 Soos ... weggewaai: Ps 37:20; 68:3

\*5:14 'n besoeker ... oorbly: Jer 14:8

\*5:15 regverdiges ... altyd: Wys 1:15; 2:23; 15:3; 1 Joh 2:17

\*5:15 hulle ... Here: Jes 62:11

die Allerhoogste sorg vir hulle.

<sup>16</sup> Daarom sal hulle 'n sierlike paleis  
en 'n pragtige diadeem<sup>z</sup> ontvang  
uit die hand van die Here,<sup>\*</sup>  
want Hy sal hulle  
met sy regterhand<sup>a</sup> beskerm<sup>\*</sup>  
en hulle met sy arm  
soos 'n skild beskut.

<sup>17</sup> \*Hy sal sy ywer  
as wapenrusting opneem  
en van die skepping 'n wapen maak  
om sy vyande af te weer.

<sup>18</sup> Hy sal geregtigheid  
as borsplaat aantrek,  
en Hy sal ongeveinsde oordeel  
as helm opsit.

<sup>19</sup> Hy sal onoorwinlike heiligheid  
as skild neem

<sup>20</sup> en sy meedoënlose woede slyp  
tot 'n swaard<sup>\*</sup>  
en die heelal sal saam met Hom

---

<sup>z</sup>5:16 **diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag; vgl Jes 62:3.

<sup>\*</sup>5:16 **pragtige ... Here:** Wys 4:2

<sup>a</sup>5:16 **regterhand:** Omdat die regterhand gewoonlik die sterker hand is, is dit dikwels 'n uitdrukking van krag, veral in digterlike verwysings na die regterhand van die Here.

<sup>\*</sup>5:16 **Hy ... beskerm:** Wys 19:8

<sup>\*</sup>5:17-20 Ps 7:12-13; Jes 59:17-18; Rom 13:12; Ef 6:11-17; 1 Thess 5:8

<sup>\*</sup>5:20 **woede ... swaard:** Deut 32:41; Jes 66:16



teen die dwase mense veg.

<sup>21</sup> \*Goed gerigte weerligstrale  
sal wegskiet

en soos uit 'n goedgespande  
wolkeboog op die teiken afpyl,

<sup>22</sup> en uit 'n katapult sal haelstene  
vol woede geslinger word.\*

Die water van die see  
sal teen hulle woed  
en riviere sal meedoënloos  
oor hulle spoel.

<sup>23</sup> 'n Sterk wind sal  
teen hulle opkom  
en soos 'n stormwind  
sal dit hulle uitwan.\*

Wetteloosheid sal die hele aarde  
verwoes  
en misdadigheid sal die trone  
van maghebbers omgooi.\*

## 6

<sup>1</sup> \*\*Luister dus, konings, en verstaan;  
leer, regters oor die eindes

---

\*5:21-23 Vgl Eks 9:23; Jos 10:11; 18:15-16; Jes 28:2; 29:5-6; Luk 21:25

\*5:22 haelstene ... word: Eseg 13:3; 38:22; Luk 21:25

\*5:23 Sterk ... uitwan: Ps 83:14; Wys 11:20

\*5:23 trone ... omgooi: Dan 5:20; Sir 10:12-15; Luk 1:52

\*6:1-11 Wys 1:1

\*6:1 Ps 2:10; Spr 8:15-16

van die aarde;  
<sup>2</sup> gee gehoor,  
julle wat oor die menigte heers  
en julle beroem op baie nasies.  
<sup>3</sup> \*Want die mag is aan julle  
deur die Here gegee  
en die heerskappy  
deur die Allerhoogste,  
Hy wat julle dade sal ondersoek  
en julle besluite sal nagaan.  
<sup>4</sup> \*Want alhoewel julle dienaars is  
van sy koninkryk  
het julle julle oordele  
nie opreg gevel nie,  
nie die wet gehandhaaf  
en nie volgens die wil van God  
geleef nie.  
<sup>5</sup> Hy sal skrikwekkend  
en vinnig op julle afkom,  
want 'n meedoënlose oordeel  
word gevel oor diegene  
wat gesagsposisies beklee.  
<sup>6</sup> 'n Uiters geringe persoon word  
immers uit meegevoel verskoon,  
maar magtiges sal op 'n kragtige  
manier getoets word.

---

\*6:3 Dan 2:21; 5:18-23; Joh 19:11; Rom 13:1

\*6:4 Rom 13:4-6

<sup>7</sup> \*Want Hy, die Here<sup>b</sup> oor alles,  
sal nie terugdeins vir 'n mens  
of ontsag hê vir grootheid nie; \*  
Hy het immers self  
klein en groot gemaak  
en Hy sorg op dieselfde manier  
vir almal.

<sup>8</sup> Maar vir die sterkes  
lê 'n streng ondersoek voor.

<sup>9</sup> Tot julle dan, o vorste,  
is my woorde gerig,  
sodat julle wysheid kan leer  
en nie afdwaal nie.

<sup>10</sup> Want diegene wat heilige dinge  
op 'n heilige manier bewaar,  
sal geheilig word,  
en diegene wat dit geleer is,  
sal 'n verweer vind.

<sup>11</sup> Hunker dus na my woorde,  
smag daarna  
en julle sal onderrig word.

<sup>12</sup> \*Wysheid straal en verdof nie;  
sy<sup>c</sup> word maklik gesien

---

\*6:7 Job 34:19; Spr 22:2; Sir 35:15-16

<sup>b</sup>6:7 **Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

\*6:7 **Hy ... grootheid nie:** Deut 10:17

\*6:12-20 Spr 8:1-21

<sup>c</sup>6:12 **sy:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in ‘n vroulike vorm aangedui.

deur hulle wat haar liefhet  
en gevind deur hulle wat haar soek.\*

<sup>13</sup> Reeds vooraf maak sy haarself  
bekend aan dié wat haar begeer.

<sup>14</sup> \*Wie vroeg opstaan  
om na haar te soek,  
hoef nie hard te werk nie,  
want hy sal haar vind  
waar sy reeds by sy poorte sit.

<sup>15</sup> Inderdaad, om oor haar  
na te dink,  
bring volkome insig,  
en wie wakker bly om haar ontwil,  
sal gou sonder sorge wees.

<sup>16</sup> \*Aangesien sy rondsoek na mense  
wat haar waardig is,  
vertoon sy haar welwillend  
aan hulle op hulle paaie  
en ontmoet sy hulle in elke gedagte.

<sup>17</sup> Want die ware begin van Wysheid  
is 'n begeerte na onderrig,\*  
en besorgdheid oor onderrig  
is liefde,<sup>d</sup>

---

\*6:12 gevind ... soek: Spr 8:17; Wys 1:2; Sir 6:27

\*6:14 Spr 8:1-2; Sir 6:36

\*6:16 Spr 1:20-21; 8:2-3

\*6:17 Want ... na onderrig: Spr 4:7

<sup>d</sup>6:17 liefde: In sommige teksuitgawes vorm dit deel van Wys 6:18.

<sup>18</sup> en liefde behels  
die handhawing van haar wette,<sup>\*</sup>  
en aandag aan die wette  
gee die versekering  
van onsterflikheid,<sup>\*</sup>  
<sup>19</sup> en onsterflikheid laat 'n mens  
naby aan God wees.  
<sup>20</sup> 'n Begeerte na wysheid  
lei dus tot koningskap.  
<sup>21</sup> As julle julle dan verlustig  
in trone en septers,  
vorste oor die volke,  
betoon eer aan Wysheid,  
sodat julle vir altyd kan heers.

### Oorsprong, aard en mag van Wysheid

<sup>22</sup> Wat Wysheid is  
en hoe sy<sup>e</sup> ontstaan het,<sup>\*</sup>  
sal ek julle meedeel,  
en ek sal nie geheimenisse  
van julle weerhou nie,  
maar haar spoor van die begin  
van die skepping af volg  
en die kennis oor haar  
aan die lig bring  
en nooit van die waarheid afwyk nie.

---

<sup>\*</sup> 6:18 en liefde ... haar wette: Deut 11:1; Sir 2:15; Joh 14:15

<sup>\*</sup> 6:18 aandag ... onsterflikheid: Wys 8:13

<sup>e</sup> 6:22 sy: Vgl voetnoot in Wys 6:12.

<sup>\*</sup> 6:22 Wysheid ... het: Sir 1:4

<sup>23</sup> \*Ek sal ook nie 'n reisgenoot word  
van verterende afguns nie,  
want dit het geen deel aan Wysheid nie.

<sup>24</sup> Wyses in groot getalle  
hou redding vir die wêreld in\*  
en 'n verstandige koning  
bestendigheid vir die volk.

<sup>25</sup> Daarom, laat julle  
deur my woorde onderrig  
en julle sal daarby baat.

## 7

<sup>1</sup> Ook ek is 'n sterflike mens soos almal,\*  
'n afstammeling van die eerste mens  
op aarde geskape,  
en in die skoot van my moeder  
is ek gevorm tot vlees,\*

<sup>2</sup> binne 'n periode van tien maande  
saamgepers met bloed  
uit die saad van 'n man en die genot  
wat die slaap vergesel het.

<sup>3</sup> En toe ek gebore is,  
het ek ook die gemeenskaplike lug  
begin inasem

---

\*6:23 Wys 7:13

\*6:24 Wyses ... in: Spr 11:14

\*7:1 Ook ... almal: Sir 17:1; Hand 10:26

\*7:1 in ... vlees: Ps 139:13-16

en op die aarde  
— wat aan dieselfde lyding  
blootgestel is — beland,<sup>f</sup>  
terwyl ek net soos almal  
my eerste huilkreet gegee het.  
<sup>4</sup> Ek is in doeke toegedraai  
en met sorg grootgemaak.  
<sup>5</sup> Want geen koning se bestaan  
het op 'n ander manier begin nie;  
<sup>6</sup> \* daar is vir almal één ingang  
in die lewe in,  
en een en dieselfde uitgang.  
<sup>7</sup> \*\* Daarom het ek gebid  
en insig is vir my gegee;  
ek het God aangeroop  
en die gees van Wysheid  
het na my gekom.  
<sup>8</sup> \* Ek het haar<sup>8</sup> verkies  
bo septers en trone  
en in vergelyking met haar  
het ek rykdom as nietig geag.  
<sup>9</sup> Ek het haar nie vergelyk

---

<sup>f</sup>**7:3 op die ... beland:** Dit verwys na wat met die kind gebeur as gevolg van die ma se posisie tydens geboorte; vgl Eks 1:16.

\***7:6** Job 1:21

\***7:7-21** 1 Kon 3:5-15; 4:29-31; 2 Kron 1:6-12

\***7:7** Wys 8:21; Ef 1:17

\***7:8-10** Job 28:15-19; Spr 3:13-15; 8:10-11,19

<sup>8</sup>**7:8 haar:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

met 'n kosbare juweel nie,  
want vir haar is al die goud  
slegs 'n bietjie sand  
en teenoor haar sal silwer  
soos klei gereken word.

<sup>10</sup> \*Ek het haar liefgehad  
bo gesondheid en skoonheid,  
en ek het verkies om haar te besit  
in plaas van lig,  
want haar glans bly altyd skyn.

<sup>11</sup> \*\*Alles wat goed is,  
het saam met haar na my gekom,  
en onskatbare rykdom  
deur haar hande.

<sup>12</sup> Ek was oor alles verheug  
omdat Wysheid die gids  
daarvan was,  
maar ek het nie geweet dat sy  
die oorsprong daarvan is nie.\*

<sup>13</sup> \*Ek het sonder bedrog geleer  
en ek deel dit sonder afguns;  
ek steek haar rykdom nie weg nie,

<sup>14</sup> want dit is vir mense  
'n onuitputlike skat.

---

\*7:10 Jes 60:19-20; Wys 7:29-30

\*7:11-12 Wys 8:5

\*7:11 1 Kon 3:3; Sir 1:17; 47:18

\*7:12 nie geweet ... nie: Wys 7:21

\*7:13 Wys 6:22-23



Diegene wat dit verkry,  
verwerf vriendskap met God;\*  
hulle is aanbeveel op grond van  
die gawes wat uit onderrig spruit.

<sup>15</sup> Mag God my dit gun om my  
met gesonde oordeel uit te druk,  
en om te beplan op 'n manier  
wat die gawes waardig is,  
want Hy is self 'n gids vir Wysheid  
en ook die Een wat wyse mense reghelp.

<sup>16</sup> Want ons en ons woorde  
is in sy hand,  
so ook alle insig in  
en kennis van ambagte.\*

<sup>17</sup> Want Hy het vir my die ware kennis  
van dit wat bestaan, gegee,  
om die samestelling van die heelal  
en die werking van die elemente  
te verstaan —

<sup>18</sup> die begin en einde en middel  
van tye,  
die wisselinge van die sonstilstande  
en die veranderinge van die seisoene,

<sup>19</sup> die jaarsiklusse  
en die sterrekonstellasies,

<sup>20</sup> die geaardhede van diere  
en die instinkte van wilde diere,

---

\*7:14 Diegene ... God: Wys 7:28

\*7:16 alle ... ambagte: Eks 31:3

die magte van geeste  
en die gedagtes van mense,  
die verskillende plante  
en die krag van wortels.

<sup>21</sup> \* Alles het ek leer ken —  
sowel verborge as bekend —  
want die ontwerper van alles,  
Wysheid, het my geleer.

<sup>22</sup> \*\* Want in haar is daar 'n gees  
wat intelligent is, heilig,  
uniek, veelsydig, subtiel,  
beweeglik, helder, onbesoedeld,  
duidelik, onkwesbaar,  
lief vir die goeie, skerp,  
<sup>23</sup> onstuitbaar, weldadig, mensliewend,  
standvastig, seker, sorgeloos,  
almagtig, wat oor alles toesig hou,  
en wat alle geeste deurdring,  
dié wat intelligent, suiwer  
en geheel en al subtiel is.

<sup>24</sup> Want Wysheid is beweegliker  
as enige beweging,  
en sy dring in alles in  
en deurdring alles  
vanweë haar suiwerheid.

---

\*7:21 Wys 7:12

\*7:22 — 8:8 Job 28:12-27; Wys 1:6-7

\*7:22-23 Jak 3:17

<sup>25</sup> \*Want sy is die asem  
van die krag van God,  
en die suiwer uitvloei-  
sel  
van die heerlikheid  
van die Almagtige;  
daarom kan niks wat besoedel is,  
tot haar deurdring nie.

<sup>26</sup> Want sy is die weerkaatsing  
van ewige lig,\*  
'n vlekkelose spieël  
van die werkende mag van God  
en 'n beeld van sy goedheid.

<sup>27</sup> Hoewel sy één is,  
is sy tot alles in staat,  
en terwyl sy in haarself bly,  
vernuwe sy alle dinge  
en van geslag tot geslag  
gaan sy heilige siele<sup>h</sup> binne \*  
en maak sy van hulle  
vriende van God\* en profete,

<sup>28</sup> \*want God het niks lief nie  
behalwe die een

---

\*7:25-26 Sir 1:9-10; 24:3; Joh 1:1-14; Heb 1:1-3

\*7:26 ewige lig: Ps 18:29; Jes 60:19-20; Hab 3:4; Joh 1:9; 2 Kor 4:4,6; Heb 1:3; 1  
Joh 1:5

<sup>h</sup>7:27 siele: Mense se gemoed met hulle emosies en stemmings.

\*7:27 gaan sy ... binne: Wys 1:4

\*7:27 vriende van God: Vgl Jak 2:23

\*7:28 Wys 7:14; 8:3

wat met Wysheid saamwoon.

<sup>29</sup> \*Want sy is mooier as die son  
en sy oortref elke sterrekonstellasie.  
Wanneer sy met lig vergelyk word,  
is sy helderder,  
<sup>30</sup> want die nag volg wel ná die lig,  
maar die kwaad is nie sterker  
as die Wysheid nie.

## 8

<sup>1</sup> \*Wysheid strek haar kragtig uit  
van die een uiteinde tot die ander  
en bestuur alle dinge voortreflik.  
<sup>2</sup> Ek het haar<sup>i</sup> liefgehad  
en van my jeug af gesoek  
en begeer om haar as bruid  
vir myself te neem;\*  
ek het 'n liefhebber geword  
van haar skoonheid.  
<sup>3</sup> Sy verleen glans  
aan haar adellike afkoms

---

\*7:29 Wys 7:10

\*8:1 Wys 1:7; Sir 24:3-6

<sup>i</sup>8:2 haar: Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

\*8:2 haar liefgehad ... neem: Spr 7:4; Wys 8:9,16,18; Sir 15:2

deur met God te leef,  
en die Here<sup>j</sup> oor alle dinge  
het haar lief.\*

<sup>4</sup>\* Sy is immers 'n ingewyde  
in die kennis van God  
en sy maak 'n keuse uit sy werke.

<sup>5</sup>\* As rykdom 'n begeerlike besitting  
in die lewe is,  
wat is ryker as Wysheid  
wat alles bewerkstellig?

<sup>6</sup>\* En as insig dinge tot stand bring,  
wie is 'n groter ontwerper  
van die bestaande dinge as sy?

<sup>7</sup> En as iemand geregtigheid liefhet —  
die vrug van haar arbeid is deugde.

Sy leer mense immers soberheid  
en insig, geregtigheid en moed.

Niks in die lewe is vir mense  
van groter waarde  
as hierdie dinge nie.\*

<sup>8</sup> En as iemand ook sou strewe  
na groter ervaring —

---

<sup>j</sup>**8:3 Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

\***8:3 deur ... lief:** Wys 7:28

\***8:4** Spr 8:27-30; Wys 9:9

\***8:5** Wys 7:11-12,21

\***8:6** Vgl Spr 8:22-31; Joh 1:3

\***8:7 Sy leer ... nie:** Job 29:1-5

sy ken die verlede en het 'n vermoede  
van wat in die toekoms lê;\*

sy dra kennis van die nuanses  
van woorde en die oplossing  
van raaisels;\*

tekens en wonders ken sy vooraf,  
en so ook die uitkomst  
van seisoene en tye.

<sup>9</sup> \*Ek het daarom besluit  
om haar te neem  
om saam met my te leef,  
in die wete dat sy vir my  
'n raadgewer van goeie dinge sal wees  
en 'n aansporing te midde  
van sorg en smart.

<sup>10</sup> Deur haar sal ek aansien verkry  
onder die menigtes,  
en eer onder die ouer mans,  
al is ek jonk.\*

<sup>11</sup> \*Ek sal skerpsinnig bevind word  
in die oordeel,  
en bewondering afdwing  
in die oë van die magtiges.

---

\*8:8 sy ken ... lê: Sir 42:19

\*8:8 kennis ... raaisels: 1 Kon 10:1-4; Sir 39:1,3; 47:15-17

\*8:9 Wys 8:2

\*8:10 eer ... jonk: Ps 119:100

\*8:11 1 Kon 3:28; DanGr 13:50,64

<sup>12</sup> Wanneer ek swyg, sal hulle wag,  
en wanneer ek praat,

sal hulle aandag gee,\*

en as ek lank die woord voer,

sal hulle die hand op die mond lê.\*

<sup>13</sup> \*Deur haar sal ek onsterflikheid besit

en 'n ewige herinnering nalaat

aan dié wat ná my kom.

<sup>14</sup> \*Ek sal volke regeer, en nasies

sal hulle aan my onderwerp.

<sup>15</sup> Skrikwekkende heersers

sal my vrees wanneer hulle van my hoor;

onder die menigte sal ek my

as goeie koning bewys

en in die oorlog as dapper man.

<sup>16</sup> \*Wanneer ek by die huis aankom,

sal ek by haar rus vind,

want om saam met haar te verkeer,

bring geen verbittering mee nie,

en om saam met haar te leef,

ook nie droefheid nie,

slegs vreugde en blydschap.

<sup>17</sup> Dit het ek in my binneste oordink

en in my hart bepeins —

---

\*8:12 Wanneer ... gee: Job 29:21-23

\*8:12 hand ... lê: Spr 30:32; Miga 7:16; Sir 5:12

\*8:13 Ps 112:6; Sir 39:9; Wys 6:18; 8:17

\*8:14 Spr 8:15-16

\*8:16 Sir 6:28

dat 'n verbintenis met Wysheid  
onsterflikheid inhou,\*  
<sup>18</sup> \* en vriendskap met haar  
loutere genot meebring,  
dat in die moeitevolle arbeid  
van haar hande  
onuitputlike rykdom lê,  
dat insig gekweek word  
wanneer 'n mens in haar skool  
onderrig word,  
en dat 'n roemryke naam verkry word  
deur met haar gesprek te voer.  
Ek het toe rondgegaan op soek  
na 'n manier waarop ek haar  
vir myself kon bekom.  
<sup>19</sup> As kind was ek van nature  
skrander  
en 'n goeie siel<sup>k</sup> het my toegeval —  
<sup>20</sup> en meer nog: omdat ek goed was,  
het ek 'n vlekkelose liggaam bewoon.  
<sup>21</sup> \* Omdat ek besef het dat ek haar  
op geen ander manier  
sou kon besit nie  
tensy God haar skenk  
— en dit was inderdaad 'n teken

---

\* **8:17 dat ... inhou:** Wys 6:18-19; 15:3

\* **8:18 Spr** 8:18

<sup>k</sup>**8:19 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

\* **8:21** Wys 7:7



eie aan insig om te weet  
van wie die gawe kom —  
het ek die Here genader, tot Hom gebid,  
en met my hele hart gesê:

## 9

<sup>1</sup> \* “God van ons vaders  
en Here van ontferming —  
U wat alle dinge  
deur u woord gemaak het\*  
<sup>2</sup> \* en deur u wysheid  
die mens voorberei het  
sodat hy kan heers oor dit  
wat U geskep het  
<sup>3</sup> en die wêreld kan bestuur  
in heiligheid en geregtigheid,  
en in opregtheid van gees<sup>1</sup>  
regspraak kan uitoefen —  
<sup>4</sup> \* skenk my die Wysheid  
wat langs u troon sit  
en weier my nie 'n plek  
onder u diensknegte nie.

---

\*9:1-12 1 Kon 3:6-9; 2 Kron 1:8-10

\*9:1 U ... gemaak het: Ps 33:6; Sir 42:15; Joh 1:1,3

\*9:2 Gen 1:26,28; Ps 8:7; Wys 10:1-2

<sup>1</sup>9:3 gees: Letterlik ‘siel’. Dit verwys na die mens se bewuste, innerlike self en geestelike ingesteldheid.

\*9:4 Spr 8:30

<sup>5</sup> Ek is immers u slaaf  
en 'n seun van u slavin,\*  
'n mens wat swak is en kort leef,  
en gering is as dit kom  
by die verstaan van regspleging  
en die uitvoering van wette.

<sup>6</sup> Want selfs as iemand  
volmaak onder mense sou wees,  
sal hy as niks gereken word  
as die Wysheid wat van U afkomstig is, ontbreek nie.

<sup>7</sup> \*U het my tot koning  
van u volk verkies  
en tot regter van u seuns en dogters.

<sup>8</sup> \*U het my aangesê om 'n tempel  
op u heilige berg te bou  
en 'n altaar in die stad  
waarin u woning is,  
'n weergawe van die heilige •tabernakel\*  
wat U van die begin af voorberei het.

<sup>9</sup> \*By U is die Wysheid,  
wat u werke ken  
en teenwoordig was  
toe U die wêreld gemaak het,  
en verstaan wat goed is in u oë

---

\*9:5 Ek ... slavin: Job 7:1-2

\*9:7 1 Kon 1; 1 Kron 28:5-6

\*9:8 2 Sam 7:13; 1 Kon 5:5 — 6:38; 2 Kron 3:1; Sir 47:13

\*9:8 weergawe ... tabernakel: Eks 25:9,40; 26:30; Heb 8:2,5

\*9:9 Spr 8:22-31; Wys 8:3-4; Sir 24:3-9

en wat reg is ooreenkomstig u gebooie.

<sup>10</sup> Stuur Wysheid

vanuit u heilige hemele,  
ja, stuur haar<sup>m</sup>  
vanaf u heerlike troon,  
sodat sy saam met my kan arbei  
en ek mag verstaan  
wat vir U aanneemlik is.

<sup>11</sup> \*Sy weet en verstaan immers alles  
en sal my op 'n verstandige manier  
in my doen en late lei;  
sy sal my bewaar deur haar heerlikheid.

<sup>12</sup> My dade sal daarom  
aanvaarbaar wees;  
ek sal die volk regverdig oordeel  
en die troon van my vader  
waardig wees.

<sup>13</sup> \*Want watter mens  
kan die raadsplan van God ken?  
Of wie kan begryp wat die Here wil?

<sup>14</sup> Want die redenasies van sterflinge is weifelend  
en ons gedagtes is onseker.

<sup>15</sup> 'n Verganklike liggaam  
beswaar immers die siel<sup>n</sup>  
en die aardse tentwoning rus swaar

---

<sup>m</sup>9:10 haar: Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

\*9:11 Wys 7:22-23

\*9:13-18 Job 38:31-38; Jes 40:12-14; Rom 11:34; 1 Kor 2:16

<sup>n</sup>9:15 siel: Die mens se bewuste, innerlike self.

op die verstand met sy baie sorg.

<sup>16</sup> \*Ons vorm beswaarlik 'n vermoede oor die aardse dinge,

en met moeite ontdek ons

die voor die hand liggende;

wie dan het die hemelse dinge

al nagespeur?

<sup>17</sup> \*En wie het u plan geken,

tensy Ú die wysheid geskenk het

en u Heilige Gees vanuit die hoogste

hemele<sup>o</sup> gestuur het?

<sup>18</sup> \*So is die mense op aarde

langs die regte paaie gelei

en is hulle onderrig in

wat vir U aanneemlik is,

en is hulle deur die Wysheid gered.”

## 10

### Rol van Wysheid in Israel se geskiedenis

<sup>1</sup> \*Wysheid het die eerste

geskape mens,

vader van die mensdom,

hom, wat alleen geskep is, bewaar,

hom van sy oortreding gered,

---

\***9:16** Jes 55:9; Matt 11:27; Joh 3:12

\***9:17** 1 Kor 2:10-11

<sup>o</sup>**9:17 hemele:** Dit weerspieël die antieke wêreldbeeld, naamlik dat daar verskillende hemele is, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel of uitspansel, en die derde hemel waar God woon.

\***9:18** Bar 4:4

\***10:1-2** Gen 1:1 — 3:24; Wys 9:2; Sir 49:16

<sup>2</sup> en hom krag gegee

om oor alles te heers.

<sup>3</sup> \*Maar 'n onregverdige man

het in sy toorn

van haar afvallig geword

en ten gronde gegaan

toe hy in 'n woedeaanval

sy broer vermoor het.

<sup>4</sup> Wysheid het weer die aarde,

wat as gevolg van hom

met 'n watervloed bedek is,

gered

toe sy<sup>p</sup> die regverdige<sup>q</sup>

in 'n eenvoudige houtstruktuur

veilig geloods het.

<sup>5</sup> En sy het, toe die nasies

in hulle gesamentlike boosheid

in verwarring gebring is,\*

die regverdige een herken

en hom onberispelik

voor God se oë bewaar

en hom te midde van

sy intense smart oor sy kind

sterk laat staan.\*

---

\***10:3** Gen 4:1-16

<sup>p</sup>**10:4** sy: Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in 'n vroulike vorm aangedui.

<sup>q</sup>**10:4** regverdige: Dit verwys na Noag; vgl Gen 5:28 — 9:29; 1 Pet 1:20.

\***10:5** nasies ... is: Gen 11:1-9

\***10:5** die regverdige ... staan: Gen 12:1-3; 15:6; 22:1-19

<sup>6</sup> \*Terwyl die goddeloses  
vernietig is,  
het sy 'n regverdige<sup>r</sup> gered,  
en het hy ontkom aan die vuur  
wat neergesak het  
op die Pentapolis.<sup>s</sup>

<sup>7</sup> As getuienis van hulle boosheid  
lê die onvrugbare land  
nog steeds en smeul  
met bome wat vrugte dra  
wat nooit ryp word nie,<sup>\*</sup>  
en staan daar 'n soutpilaar  
as gedenkteken<sup>\*</sup>  
van 'n ongelowige siel.<sup>t</sup>

<sup>8</sup> Want omdat hulle Wysheid  
geïgnoreer het,  
is hulle nie alleen verhinder  
om die goeie dinge te ken nie,  
maar het hulle ook  
vir die mensdom  
'n herinnering van hulle dwaasheid  
nagelaat,

---

\***10:6-8** Gen 19:1-29

<sup>r</sup>**10:6 regverdige:** Dit verwys na Lot.

<sup>s</sup>**10:6 Pentapolis:** 'n Groep van vyf Filistynse stede: Gasa, Askelon, Asdod, Gat en Ekron; vgl 1 Sam 6:17.

\***10:7 As getuienis ... word nie:** Deut 32:32

\***10:7 soutpilaar as gedenkteken:** Gen 19:26; Luk 17:32

<sup>t</sup>**10:7 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

sodat hulle dwalinge nie verborge  
sou kon bly nie.

<sup>9</sup> \*Maar Wysheid het dié  
wat haar gedien het  
uit hulle beproewings gered.

<sup>10</sup> \*Sy het 'n regverdige  
wat gevlug het  
voor die woede van sy broer<sup>u</sup>  
op reguit paaie gelei;  
sy het hom die koninkryk van God  
gewys  
en hom kennis van heilige dinge  
gegee;  
sy het hom voorspoedig gemaak  
in sy moeitevolle arbeid  
en sy harde werk suksesvol  
gemaak.

<sup>11</sup> \*Toe mense in hulle hebsug hom<sup>v</sup>  
probeer uitbuit het,  
het sy hom bygestaan  
en hom ryk gemaak.

<sup>12</sup> Sy het hom beskerm  
teen sy vyande  
en hom veilig bewaar teen diegene

---

\***10:9-12** Gen 25:19 — 35:29

\***10:10** Gen 27:41-45; 28:10-22; 32:24-30

<sup>u</sup>**10:10 regverdige ... broer:** Dit verwys na Jakob.

\***10:11** Gen 30:25-43

<sup>v</sup>**10:11 hom:** Dit verwys na Jakob.

wat strikke vir hom gestel het.  
Na sy hewige stryd het sy hom  
die oorwinning geskenk,  
sodat hy kon weet dat godsbrug  
magtiger is as enigiets anders.  
<sup>13</sup> **\*\***Toe 'n regverdige man<sup>w</sup>  
as slaaf verkoop is,  
het sy hom nie in die steek  
gelaat nie,  
maar hom uit die sonde gered.  
<sup>14</sup> Sy het saam met hom afgegaan  
in die put  
en hom nie in sy boeie verlaat nie,  
totdat sy hom die koninklike septer  
besorg het  
en mag gegee het oor dié wat hom  
onderdruk het.  
Sy het dié wat hom beskimp het,  
ontmasker as leuenaars  
en hom ewige roem geskenk.  
<sup>15</sup> **\*\*** Sy het 'n heilige volk  
en 'n blaamlose nageslag  
bevry uit 'n nasie  
wat hulle onderdruk het.

---

\* **10:13-14** Gen 37:1 — 50:26

\* **10:13** Ps 105:17-22

<sup>w</sup>**10:13 regverdige man:** Dit verwys na Josef.

\* **10:15-21** Eks 13:1 — 15:21

\* **10:15** Wys 19:1-5



<sup>16</sup> \*Sy het 'n ampsdraer<sup>x</sup>  
van die Here besiel  
en hy het vreesaanjaende konings  
met wonders en tekens  
weerstaan.

<sup>17</sup> \*Sy het heiliges beloon  
vir hulle moeite  
en hulle gelei  
op 'n wonderbaarlike weg;  
bedags was sy vir hulle  
'n beskutting  
en snags 'n vlam van sterre.

<sup>18</sup> Sy het hulle deur die Rooisee<sup>y</sup>  
laat trek  
en hulle deur baie waters gelei.

<sup>19</sup> Sy het egter hulle vyande  
laat verdrink  
en hulle weer uit die onpeilbare  
diepte<sup>z</sup> uitgebraak.

---

\* **10:16** Jes 63:11-14; Wys 1:4

<sup>x</sup>**10:16 ampsdraer:** Dit verwys na Moses; vgl Eks 4:10; 14:31; Num 11:11; 12:7-8; Deut 3:24; 34:5; Heb 3:5.

\* **10:17** Wys 18:3

<sup>y</sup>**10:18 Rooisee:** In Eks 10:19; 13:18 en elders word die Hebreeuse pleknaam vertaal “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit “Rooisee”. In antieke tye kon die “Rooisee” waarskynlik na sowel die Golf van Suez (Rooisee) as die Golf van Akaba verwys het.

<sup>z</sup>**10:19 onpeilbare diepte:** In Grieks *abussos*. Dit verwys na die beskouing in antieke tye waarvolgens bose geeste en demone in 'n diep onderaardse woonplek gevange gehou is.

<sup>20</sup> Daarom het die regverdiges<sup>a</sup>  
die goddeloses geplunder  
en u heilige Naam, Here, besing,  
en u beskermende hand  
uit een mond geprys.

<sup>21</sup> Want die Wysheid het die mond  
van stommes geopen\*  
en die tonge<sup>b</sup> van suigeling  
welsprekend gemaak.\*

## 11

<sup>1</sup> Wysheid het hulle dade  
voorspoedig gemaak  
deur die hand  
van 'n heilige profeet.<sup>c</sup>

<sup>2</sup>\* Hulle het deur 'n onbewoonde  
woestyn<sup>d</sup> getrek,  
en hulle tente opgeslaan  
op onbegaanbare plekke.

<sup>3</sup>\* Hulle het hulle teenstanders

---

<sup>a</sup>**10:20 regverdiges:** Mense wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

\* **10:21 mond van ... geopen:** Jes 35:6

<sup>b</sup>**10:21 tonge:** Die tong word geassosieer met spraak.

\* **10:21 tonge ... gemaak:** Ps 8:3; Matt 21:16

<sup>c</sup>**11:1 'n heilige profeet:** Dit verwys na Moses; vgl Deut 18:15-18; Hos 12:14.

\* **11:2** Eks 15:22 — 17:6

<sup>d</sup>**11:2 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

\* **11:3** Eks 17:8-16

weerstaan en hulle vyande  
afgeweer.

<sup>4</sup>\*Hulle het dors geword  
en U aangeroop,  
en hulle is water gegee  
uit 'n steil rots;  
hulle dors is geles uit 'n harde klip,

<sup>5</sup>want wat 'n straf  
vir hulle vyande was,  
het hulle in hulle nood bevoordeel.

<sup>6</sup>In die plek van die bron  
van 'n standhoudende rivier  
— troebel gemaak  
en met bloed besoedel,<sup>e</sup>  
<sup>7</sup>wat gedien het as straf  
vir die opdrag  
dat die kindertjies  
doodgemaak moes word\* —  
het U egter vir hulle onverwags  
oorvloedig water gegee.

<sup>8</sup>Deur die dors wat hulle toe  
gely het,  
het U aangetoon hoe U  
hulle vyande gestraf het.

---

\*11:4 Eks 17:1-7; Num 20:2-11; Deut 8:15; Ps 107:5-6

<sup>e</sup>11:6 troebel ... besoedel: Dit verwys na die eerste plaag in Egipte; vgl Eks 7:14-24.

\*11:7 kindertjies ... moes word: Eks 1:22

<sup>9</sup> \*Want toe hulle op die proef

gestel is

— alhoewel hulle met deernis

getugtig<sup>f</sup> is —

het hulle begryp hoe die goddeloses  
veroordeel en met toorn gefolter is.

<sup>10</sup> Want aan die een kant het U

soos 'n vader u eie mense

vermanend getoets,

maar aan die ander kant

soos 'n wrede koning

die goddeloses veroordeel

en laat martel.

<sup>11</sup> Of hulle nou weg was

van die huis, of tuis,

hulle was ewe terneergedruk,

<sup>12</sup> want 'n dubbele verdriet

het hulle oorweldig,

en hulle het gesug wanneer hulle

aan die verlede gedink het;

<sup>13</sup> want toe hulle gehoor het

dat u volk bevoordeel is\*

deur die plaë

waarmee hulle getref is,

het hulle die Here daarin gesien.

---

\* **11:9-10** Deut 8:2-5; 12:21-22; Job 5:17; Jer 10:24-25; Wys 3:5-6

<sup>f</sup>**11:9 getugtig:** Die Griekse werkwoord *paideuō* kan benewens 'opvoed, onderrig' ook 'dissiplineer, tugtig' beteken; •Opvoed.

\* **11:13 u volk bevoordeel is:** Eks 14:25; Wys 16:2

<sup>14</sup> Want die man wat hulle destyds  
as vondeling<sup>g</sup> spottend  
verwerp het,<sup>\*</sup>  
oor hom was hulle na afloop  
van die gebeure verwonderd;<sup>\*</sup>  
hulle het 'n ander dors as dié  
van die regverdiges<sup>h</sup> gehad.

### Oor goddelike genade

<sup>15</sup> <sup>\*\*</sup>In ruil vir hulle sinlose  
gedagtes van onreg  
waardeur hulle verlei is,  
en hulle verering van redelose  
reptiele en veragtelike  
ongediertes,  
het U 'n menigte redelose diere  
as straf na hulle gestuur,  
<sup>16</sup> <sup>\*</sup>sodat hulle kon insien:  
Waardeur 'n mens sondig,  
daardeur word jy gestraf.  
<sup>17</sup> Want u almagtige hand  
wat die wêreld geskep het

---

<sup>g</sup>**11:14 vondeling:** Dit verwys na Moses; vgl Eks 2:1-6.

<sup>\*</sup>**11:14 spottend ... het:** Eks 5:4; 10:28

<sup>\*</sup>**11:14 oor hom ... verwonderd:** Eks 11:3

<sup>h</sup>**11:14 regverdiges:** Mense wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

<sup>\*</sup>**11:15-16** Eks 8:1 — 10:20; Wys 15:18 — 16:1; 12:23-24

<sup>\*</sup>**11:15** Rom 1:23

<sup>\*</sup>**11:16** Wys 18:4

uit ongevormde materie,  
was nie onmagtig om 'n klomp bere  
of kwaai leeus op hulle los

te laat nie,

<sup>18</sup> of ongekende, nuut geskepte,  
verwoede wilde diere,  
wat asemstote vol vuur uitblaas,  
of rookwalms snuiwend  
versprei,  
of verskriklike vonke  
uit hulle oë laat blits.

<sup>19</sup> Nie net besering deur die diere  
kon hulle vernietig nie,

maar bloot die diere  
se angswekkende voorkoms.<sup>i</sup>

<sup>20</sup> Selfs hieronder kon hulle  
deur 'n enkele asemstoot  
ten gronde gaan,  
vervolg deur geregtigheid  
deur u kragtige asem.\*

Maar U het alles georden  
volgens maat en getal en gewig.

<sup>21</sup> Groot krag is immers altyd  
tot u beskikking  
en wie sal die sterkte van u arm  
kan weerstaan?

---

<sup>i</sup>11:19 maar ... voorkoms: Kan ook vertaal word “maar bloot die aanskoue van die diere”.

\*11:20 deur ... asem: Wys 5:23

<sup>22</sup> \*Want die hele wêreld is in u oë  
soos iets wat die weegskaal liggies  
laat beweeg  
en soos 'n doudruppel  
wat in die vroeë oggend  
op die grond val.

<sup>23</sup> \*Maar U ontferm U oor almal,  
omdat U tot alles in staat is,  
en U sien mense se sondes oor  
sodat hulle tot bekering kan kom.

<sup>24</sup> \*Want U is lief vir alles  
wat bestaan  
en verag niks van wat U  
gemaak het nie;  
want as U iets sou haat,  
sou U dit nie gevorm het nie.

<sup>25</sup> En hoe sou iets kon bly bestaan  
as dit nie u wil was nie,  
of behoue kon bly as dit nie  
deur u woord ontstaan het nie?

<sup>26</sup> \*Maar U spaar alle dinge,  
omdat dit aan U behoort, o Here,<sup>j</sup>  
Liefhebber van alles wat lewe.

---

\* **11:22** Jes 40:15,17

\* **11:23** Wys 12:2,8,10; Hand 17:30; Rom 2:4

\* **11:24-26** Wys 1:13-14; 15:1

\* **11:26** Wys 2:16

<sup>j</sup>**11:26 Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word “Here”.

# 12

<sup>1</sup> \*U onverganklike gees  
is immers in almal.

<sup>2</sup> \*Daarom tugtig U hulle  
wat oortree bietjie vir bietjie  
en vermaan U hulle deur hulle  
te herinner aan hulle sondes,  
sodat hulle, bevry van die kwaad,  
in U kan glo, Here.

<sup>3</sup> \*Want U het hulle wat lank gelede  
u heilige land\* bewoon het,

<sup>4</sup> \*gehaat oor hulle  
gruwelike praktyke —  
hulle towerkunste  
en onheilige rituele,

<sup>5</sup> \*hulle meedoënlose doodmaak  
van kinders  
ook hulle offermaaltye  
van mensvleis en mensebloed;  
en omdat hulle ingewydes  
van 'n geheime kultus was,

<sup>6</sup> \*en ouers wat hulle hulpelose

---

\*12:1 Gen 2:7; 6:3; Job 27:3; Ps 104:29-30

\*12:2 Wys 11:23

\*12:3-7 Deut 12:31; 18:9-13

\*12:3 u heilige land: Sag 2:12

\*12:4-6 Lev 18:21; 20:2-5; Deut 18:9-14

\*12:5 Wys 14:23

\*12:6 Lev 20:5-6



kinders<sup>k</sup> vermoor het.  
Daarom het U besluit  
om hulle uit te delg deur die hand  
van ons vaders,  
<sup>7</sup> sodat die land, wat vir U  
die kosbaarste van alle lande was,<sup>\*</sup>  
'n waardige nedersetting vir God  
se kinders kon wees.<sup>\*</sup>  
<sup>8</sup> Maar ook hierdie ouers  
het U gespaar omdat hulle  
mense was,<sup>\*</sup>  
en U het perdebye<sup>\*</sup> as voorlopers  
van u strydماغ gestuur  
om hulle bietjie vir bietjie  
uit te roei.  
<sup>9</sup> \*U was inderdaad nie onmagtig  
om die goddeloses in een veldslag  
aan die regverdiges<sup>l</sup>  
te onderwerp,  
of hulle deur vreesaanjaende diere,  
of met 'n onverbiddelike woord  
binne 'n oomblik uit te wis nie;

---

<sup>k</sup>12:6 kinders: Letterlik 'siele'. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

<sup>\*</sup>12:7 land ... lande was: Deut 11:12

<sup>\*</sup>12:6-7 Daarom ... wees: Num 33:51-56

<sup>\*</sup>12:8 ouers ... was: Ps 103:14; Wys 11:23

<sup>\*</sup>12:8 perdebye: Eks 23:28; Deut 7:20; Jos 24:12

<sup>\*</sup>12:9 Wys 11:7-20

<sup>l</sup>12:9 regverdiges: Mense wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

<sup>10</sup> \* maar deur hulle  
bietjie vir bietjie te oordeel,  
het U hulle ruimte gegee vir berou,  
alhoewel U geweet het dat hulle  
van verdorwe afkoms was,  
dat die boosheid iets aangebore  
by hulle was  
en dat hulle denkwyse  
tot in ewigheid  
nooit sou verander nie.

<sup>11</sup> Hulle geslag was immers  
van die begin af vervloek; \*  
ook het U sonder vrees  
vir enigiemand  
hulle van hulle sondes vrygeskeld.

<sup>12</sup> \*Want wie durf sê:  
“Wat het U gedoen?”\*  
Of wie sal u oordeel teenstaan?  
En wie sal U aankla omdat nasies  
wat U gemaak het,  
verlore gegaan het?  
Of wie sal teen U in 'n hofspraak  
optree\* as pleitbesorger  
vir die onregverdiges?

---

\*12:10 Wys 11:23

\*12:11 Hulle ... vervloek: Gen 9:25-27; Wys 3:12

\*12:12-18 Ps 76:7-12; Wys 15:1; Rom 9:14-21

\*12:12 Wat ... gedoen: Job 9:12; Jes 45:9

\*12:12 wie sal teen ... optree: Job 9:19

<sup>13</sup> \*Daar is immers geen ander god  
behalwe U nie;  
U gee om vir almal,  
sodat U kan bewys dat U  
nie onregverdig geoordeel het nie.

<sup>14</sup> Geen koning of enige heerser  
sal U kan konfronteer  
ter verdediging  
van hulle wat U gestraf het nie.

<sup>15</sup> \*Want U is regverdig  
en beheer alle dinge regverdig,  
terwyl U dit nie beskou  
as eie aan u mag  
om 'n persoon te veroordeel  
wat nie gestraf behoort  
te word nie.

<sup>16</sup> \*Want u krag is die bron  
van geregtigheid,  
en omdat U oor alle mense heers,  
kan U almal spaar.

<sup>17</sup> Want U toon u krag  
wanneer iemand twyfel  
aan u volkome mag,  
en U straf die oormoed  
van hulle wat u mag wel ken.

<sup>18</sup> Maar U wat beskik oor krag,

---

\*12:13-14 Hand 5:39

\*12:15 Gen 18:23-26

\*12:16 Wys 11:26; Matt 5:45

U oordeel met sagtheid en regeer  
oor ons met groot  
verdraagsaamheid,  
want U beskik oor die vermoë  
om enigiets te doen  
wanneer U so wil.\*

<sup>19</sup> Deur sulke dade het U  
u volk geleer  
dat die regverdige  
ook mensliewend moet wees,\*  
en het U u kinders met hoop vervul  
omdat U aan hulle berou skenk  
vir hulle sondes.

<sup>20</sup> \*Want as U u kinders se vyande,  
wat die dood verdien,  
met soveel sorg en toegeeflikheid  
gestraf het  
deur hulle tyd en ruimte te gun  
om van hulle kwaad ontslae te raak —

<sup>21</sup> \*met hoeveel nougesetheid  
het U nie u kinders geoordeel

---

\* **12:18 enigiets ... wil:** Ps 115:3; 135:6

\* **12:19 regverdige ... wees:** Wys 1:6; 7:23; Matt 5:43-48

\* **12:20** Wys 11:23; 12:10; Rom 9:22

\* **12:21-22** Wys 11:9-10

aan wie se vaders U ede  
en verbonde  
met beloftes van seëninge  
gegee het nie?\*

<sup>22</sup> \*U tugtig<sup>m</sup> ons dus,  
maar kasty ons vyande  
tienduisend keer meer,  
sodat ons, wanneer ons oordeel,  
u goedheid ter harte kan neem,  
en wanneer ons geoordeel word,  
ontferming kan verwag.

<sup>23</sup> \*Daarom het U hulle  
wat 'n dwase  
en verkeerde leefwyse  
gevoer het,  
deur hulle eie gruwels gekasty.

<sup>24</sup> \*Hulle het immers verder  
op dwaalweë weggedwaal  
omdat hulle die mees veragtelike  
en afskuwelike onder die diere  
as gode aanvaar het;  
hulle is mislei soos dwase kinders.

<sup>25</sup> Daarom het U oor hulle,

---

\*12:21 aan ... nie: Gen 12:7

\*12:22 Wys 11:9-10

<sup>m</sup>12:22 tugtig:: Die Griekse werkwoord *paideuō* kan benewens ‘opvoed, onderrig’ ook ‘dissiplineer, tugtig’ beteken; •Opvoed.

\*12:23-24 Eks 7:14 — 11:10; Wys 11:15-16

\*12:24 Rom 1:23

soos oor onverstandige kinders,  
die oordeel laat neerkom  
tot hulle bespotting.

<sup>26</sup> Maar hulle wat hulle nie  
deur spottende berisping  
laat tereg wys het nie,  
sal die verdiende oordeel  
van God ervaar.

<sup>27</sup> Want hulle was verontwaardig  
oor die wesens  
waaronder hulle gely het.

Omdat hulle gestraf is  
deur juis die diere  
wat hulle as gode beskou het,  
het hulle Hom, vir wie hulle  
so lank geweier het om te ken,<sup>\*</sup>  
gesien, en begryp:  
Hy is die ware God<sup>\*</sup> —  
en daarom het die allerswaarste  
straf hulle vroeër getref.

## 13

### Oorsprong en euwels van afgodery

<sup>1</sup> \*Daarom, alle mense by wie  
daar onkunde oor God is,  
is van nature dwase —

---

\*12:27 vir wie ... ken: Eks 5:2

\*12:27 begryp ... God: Eks 8:28; 10:17; 12:31-32

\*13:1 Wys 13:9; Rom 1:19-20

mense wat nie Hom wat Is\*  
uit die sigbare goeie dinge  
kon leer ken nie.

Ook het hulle nie die Ontwerper  
van die werke wat hulle  
bestudeer het, herken nie.

<sup>2</sup>\* Nee, hulle het vuur of wind  
of vinnige lugstrome,  
of die kringloop van sterre  
of onstuimige water,  
of die ligte aan die hemel,  
as gode, as heersers  
van die wêreld, beskou.

<sup>3</sup>\* As hulle, bekoor deur die skoonheid van hierdie dinge,  
dit as gode aanvaar het,  
dan moet hulle daaruit aflei  
hoeveel beter die Here<sup>n</sup> daarvan is,  
want Hy wat die dinge geskep het,  
is die Oorsprong van die skoonheid.

<sup>4</sup> En as hulle stomgeslaan was  
oor die mag en werking  
van hierdie dinge,  
moet dit hulle laat besef hoeveel magtiger die Maker daarvan is.

---

\* **13:1 Hom wat is:** Eks 3:14

\* **13:2** Deut 4:19; 2 Kon 23:4-5; Job 31:26-28; Jer 8:1-2; Eseg 8:16-18

\* **13:3** Ps 19:1-2; Jes 40:12-14; Sir 43:9-12

<sup>n</sup>**13:3 Here:** Die Griekse woord hier is *despotes*. Gewoonlik is dit die woord *kurios* wat vertaal word as “Here”.

<sup>5</sup> \*Want ooreenkomstig die grootheid en skoonheid van die geskape dinge,

kan 'n mens 'n besef kry  
van die Skepper daarvan.

<sup>6</sup> \*\*Nietemin moet ons hierdie mense nie te veel blameer nie,  
want hulle beland miskien op 'n dwaalspoor  
in hulle soeke na God  
en hulle begeerte om Hom te vind.

<sup>7</sup> Terwyl hulle omring  
van die werke van God leef  
en dit noukeurig bestudeer,  
vertrou hulle op hulle oë,  
omdat wat hulle sien, mooi is.

<sup>8</sup> Maar weer is daar geen  
verskoning vir hulle nie.

<sup>9</sup> \*Want as hulle soveel kon weet  
dat hulle 'n beskouing  
oor die wêreld kon vorm,  
waarom het hulle die Here<sup>o</sup>  
van hierdie dinge  
nie gouer gevind nie?

<sup>10</sup> \*\*En ook betreurenswaardig

---

\* **13:5** Ps 104:24; 148:1-13

\* **13:6-9** Rom 1:18-25

\* **13:6** Hand 17:27

\* **13:9** Wys 13:1

<sup>o</sup>**13:9 Here:** Vgl voetnoot in Wys 13:3.

\* **13:10-19** Ps 115:3-8; Jes 44:9-20; Jer 10:1-16; Hab 2:18-19; Wys 15:5-13; Bar 6:7-72

\* **13:10** Deut 4:28



is die mense wie se verwagtinge  
op dooie dinge gerig is,  
wat die werk van mensehande gode noem —  
kunstig gevormde goud en silwer,  
afbeeldinge van lewende wesens,  
of 'n nuttelose klip,  
die handewerk van lank gelede.

<sup>11</sup> 'n Houtwerker kan dalk

'n geskikte boom afsaag,  
vaardig al die bas daarvan afstroop,  
en die boomstomp kunstig afwerk  
en tot 'n nuttige en alledaagse  
gebruiksvoorwerp maak,

<sup>12</sup> en die stukkies hout

wat van sy handewerk oorbly,  
gebruik ter voorbereiding van sy kos, waarvan hy versadig word,

<sup>13</sup> en daar bly dalk 'n nuttelose stuk

afvalhout oor, krom en vol knoetse,  
en hy neem dit en in sy vrye tyd  
kerf hy dit sorgvuldig  
en met kundige ervaring  
omskep hy dit tot 'n beeld  
en vorm dit tot 'n beeld van 'n mens,

<sup>14</sup> of hy laat dit ooreenkom

met een of ander verfoeilike dier;  
as hy dit met vermiljoen bestryk  
en die oppervlak rooi kleur,  
sal hy elke vlek daarop bedek.

<sup>15</sup> Daarna maak hy

'n gepaste nis daarvoor,  
hang dit teen 'n muur  
en beveilig dit met yster,  
<sup>16</sup> sodat dit nie kan afval nie.  
Dus tref hy voorsorg omdat hy weet  
dat die beeld nie homself kan help nie;  
dit is immers net 'n beeld  
en het hulp nodig.  
<sup>17</sup> \*Maar as hy bid vir sy besittings  
en sy huwelik en kinders,  
dan skaam hy hom nie  
om die lewelose voorwerp  
aan te spreek nie,  
en vir gesondheid roep hy  
die magtelose voorwerp aan;  
<sup>18</sup> \*vir lewe bid hy tot die dooie ding,  
en vir hulp smek hy 'n voorwerp  
wat geheel en al onbevoeg is,  
en vir 'n voorspoedige reis  
'n voorwerp wat nie 'n tree  
kan gee nie;  
<sup>19</sup> en vir wins in die handel  
en sukses op wat sy hande aanpak,  
bid hy vir krag tot 'n voorwerp  
waarvan die hande  
totaal kragteloos is.

---

\*13:17 Jer 2:27

\*13:18 Wys 15:15

# 14

<sup>1</sup> En verder, as iemand  
dalk 'n seereis wil onderneem  
en beplan om op woeste golwe  
te vaar,  
roep hy 'n stuk hout\* aan  
wat breekbaarder is  
as die skip wat hom vervoer.

<sup>2</sup> Want begeerte na wins  
het die skip ontwerp,  
en wysheid was die vakman  
wat dit voorberei het.

<sup>3</sup> \*Maar u voorsienigheid, Vader,  
is die loods,  
omdat U ook die weg oor die see  
en 'n veilige koers  
deur die golwe baan,

<sup>4</sup> en daardeur wys dat U  
by magte is  
om uit elke gevaar te red,  
sodat selfs iemand  
sonder vaardigheid  
ter see kan gaan.

<sup>5</sup> Dit is u wil dat die werke  
van u wysheid  
nie onbenut moet bly nie;

---

\*14:1 stuk hout: Hand 28:11

\*14:3-4 Eks 14:22; Ps 107:23-27; Jes 43:16; Matt 8:26

daarom vertrou mense  
hulle lewens<sup>p</sup> toe aan selfs  
'n nietige stukkie hout,  
en nadat hulle die stormwaters  
deurvaar het,  
kom hulle op 'n vlot behoue  
daarvan af.

<sup>6</sup> Want ook aan die begin,  
toe die hooghartige reuse<sup>\*</sup>  
omgekom het,  
het die hoop van die wêreld  
haar<sup>q</sup> toevlug geneem tot 'n vlot<sup>\*</sup>  
wat deur u hand geloods is,  
en die kiem van 'n nuwe geslag  
aan die wêreld nagelaat.

<sup>7</sup> Want geseënd is die houtvaartuig  
waardeur geregtigheid kom.

<sup>8</sup> \*Vervloek, egter, is daardie  
handgemaakte ding  
asook hy wat dit gemaak het —  
hy, omdat hy dit gemaak het,  
en die verganklike ding  
omdat dit “god” genoem word.

<sup>9</sup> Want vir God is albei ewe haatlik:

---

<sup>p</sup>**14:5 lewens:** Letterlik ‘siele’. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

<sup>\*</sup>**14:6 reuse:** Gen 6:1-4; Bar 3:26-28

<sup>q</sup>**14:6 haar:** Wysheid (*Sofia* in Grieks) word altyd in ‘n vroulike vorm aangedui.

<sup>\*</sup>**14:6 vlot:** Gen 6:1 — 7:23

<sup>\*</sup>**14:8** Deut 27:15

die goddelose en sy goddeloosheid;

<sup>10</sup> want die maaksel sal saam met  
die maker gestraf word.

<sup>11</sup> \*Daarom sal met die afgode  
van die heidennasies  
afgereken word,

omdat hulle in God se skepping  
'n gruwel geword het,  
'n struikelblok vir die siel  
van mense  
en 'n valstrik vir die voete  
van dwase.

<sup>12</sup> Want die ontwerp van afgode  
is die begin van hoerery,\*  
en die uitdink daarvan  
die verwoesting van lewe.

<sup>13</sup> Want hulle het nie aan die begin  
bestaan nie,  
en sal ook nie vir altyd  
bestaan nie.\*

<sup>14</sup> Hulle het immers  
deur die ydelheid van mense  
die wêreld ingekom,  
en daarom is 'n spoedige einde  
vir hulle beplan.

<sup>15</sup> 'n Vader, gekwel deur die ontydige

---

\* **14:11** Jes 2:18,20; Jer 10:11,15; Sag 13:2

\* **14:12 hoerery:** Eks 34:15-17; Deut 31:16; Jer 3:1-10

\* **14:13 sal ... nie:** Jes 2:18

smart van 'n kind wat hom  
skielik ontnem is,  
het 'n afbeelding van hom gemaak,  
die eens dooie mens  
nou as god vereer,  
en geheime rituele en seremonies  
vir sy ondergeskiktes ingestel.

<sup>16</sup> Toe, met die verloop van tyd,  
is dié goddelose gebruik gevestig  
en as wet nagekom.

<sup>17</sup> En op bevel van heersers  
is die gesnede beelde vereer.\*

Toe mense hulle nie in persoon  
kon vereer nie  
omdat hulle te ver weg gewoon het,  
het hulle in hulle denke 'n beeld  
van die veraf gestaltes gevorm,  
en toe 'n sigbare afbeelding gemaak  
van die vereerde koning,  
sodat hulle deur hulle ywer  
die afwesige kon vlei  
asof hy teenwoordig is.

<sup>18</sup> Ook die ambisie  
van die kunstenaar  
het gedien tot aansporing  
van hulle wat die koning  
nie geken het nie,  
om die kultus te versprei,

---

\*14:16-17 goddelose ... vereer: Dan 3:1-7

<sup>19</sup> want hy het, waarskynlik  
om die heerser te behaag,  
sy kunstigheid ingespan  
om die beeld tot 'n geïdealiseerde  
gelykenis af te werk.

<sup>20</sup> Want die gewone mense het,  
meegesleur deur die bekoring  
van die werk,  
die persoon wat kort tevore  
as mens vereer is,  
nou as voorwerp van aanbidding  
begin beskou.

<sup>21</sup> En juis dit het 'n lokval  
in hulle lewe geword,  
omdat mense, verkneg  
deur die noodlot en tirannie,  
aan klippe en houtstukke  
die Naam gegee het  
wat met niemand  
gedeel mag word nie.\*

<sup>22</sup> \*Asof hulle dwaling  
ten opsigte van  
hulle kennis van God  
nie genoeg was nie,  
het hulle, terwyl hulle  
weens onkunde te midde van  
'n groot stryd geleef het,

---

\*14:21 aan klippe ... word nie: Jes 42:8

\*14:22-31 Jer 7:9; Rom 1:22-32

sulke bose dade vrede genoem.

<sup>23</sup> Want hulle neem deel  
aan mistieke rituele  
waartydens kinders gedood word,\*  
óf geheime seremonies,  
óf waansinnige brasserye  
ooreenkomstig volksvreemde  
gebruike,

<sup>24</sup> en handhaaf so  
nóg 'n rein leefwyse,  
nóg 'n rein huwelik;  
die een bring die ander  
óf op verraderlike wyse  
om die lewe  
óf berokken hom smart  
deur egbreuk te pleeg.

<sup>25</sup> Maar alles is 'n deurmekaarspul  
van bloed en moord,  
diefstal en bedrog,  
korrupsie, ontrou,  
oproerigheid, meineed,  
<sup>26</sup> onrus onder goeie mense,  
ondankbaarheid,  
die besmetting van siele,<sup>r</sup>  
omkering van geslagsaard,  
ontwrigting in die huwelik,  
egbreuk en losbandigheid.

---

\*14:23 mistieke ... word: Jes 57:5; Eseg 16:21,36; Wys 12:5

<sup>r</sup>14:26 siele: Vgl voetnoot by Wys 14:11.



<sup>27</sup> Die aanbidding van roemlose  
afgode

is immers die begin, die oorsaak  
en die einde van alle kwaad.

<sup>28</sup> Want in hulle uitbundigheid  
gaan mense waansinnig te kere,  
óf hulle profeteer vals,  
óf hulle leef in onreg,  
óf hulle pleeg geredelik meineed.\*

<sup>29</sup> Hulle stel immers hulle vertrouwe  
op lewelose afgode  
en verwag nie dat hulle skade sal ly  
omdat hulle vals gesweer het nie.

<sup>30</sup> Want om twee redes  
sal 'n regverdige oordeel  
hulle inhaal:  
omdat hulle slegte gedagtes  
oor God gekoester het  
deur hulle toe te wy aan afgode,  
en omdat hulle listig vals  
gesweer het  
deur wat heilig is, te verag.

<sup>31</sup> Dit is nie die mag van die gode  
waarby hulle sweer nie,  
maar die wraak oor dié wat sondig  
wat steeds die straf is  
vir die onregverdige se oortredings.

---

\*14:28 profeteer ... meineed: 1 Kon 22:10-12; Jer 5:31

# 15

<sup>1</sup> \*Maar U, ons God, is goeheartig,  
waaragtig en lankmoedig,  
en U bestuur alles met ontferming.

<sup>2</sup> Want selfs wanneer ons sondig,  
behoort ons aan U,  
aangesien ons u krag ken.

Maar ons sal nie sondig nie,  
omdat ons bewus is daarvan  
dat ons as u eiendom  
gereken word.\*

<sup>3</sup> \*Want om U te ken,  
is volkome geregtigheid,  
en om u krag te ken,  
is die bron van onsterflikheid.

<sup>4</sup> Die vals voorstellings van mense  
het ons immers nie verlei nie,  
ook nie die vrugtelose arbeid  
van skilders nie —

'n vorm wat met bonte kleure  
beskilder is.

<sup>5</sup> \*Die aanskoue daarvan  
wek by dwase 'n hunkering,  
'n verlange na die lewelose vorm

---

\* 15:1 Eks 34:6-7; Wys 11:26; 12:16-18

\* 15:2 as u ... word: Eseg 34:30-31

\* 15:3 Wys 2:23; 5:15; Joh 17:3

\* 15:5-13 Wys 13:10-19

van 'n dooie beeld.

<sup>6</sup>\* Die mense wat dit maak  
en liefhet en vereer,  
is liefhebbers van bose dinge  
en is sulke vals verwagtings  
waardig.

<sup>7</sup>\* Want ook 'n pottebakker  
brei die sagte klei met moeite  
en vorm elke stuk afsonderlik  
tot 'n gebruiksvoorwerp vir ons.

Tog vorm hy uit dieselfde klei  
voorwerpe wat dien  
vir sowel rein gebruike  
as vir die teendeel,  
en dit alles sonder onderskeid.

Wat die gebruiksfunksie  
van elkeen van hulle is,  
lê in die oordeel  
van die kleibewerker.

<sup>8</sup>\* En hy vorm met bose arbeid  
'n nuttelose god  
uit dieselfde klei,  
terwyl hy self kort tevore  
uit grond ontstaan het\*

---

\* **15:6** Ps 115:8; Wys 3:11

\* **15:7** Jer 18:6; Sir 33:10-13; Rom 9:21

\* **15:8** Wys 15:16

\* **15:8 hy self ... ontstaan het:** Gen 2:7

en ná 'n rukkie terugkeer  
tot dit waaruit hy geneem is,<sup>\*</sup>  
wanneer sy siel,<sup>s</sup>  
wat aan hom geleen is,  
van hom teruggeëis sal word.\*

<sup>9</sup> Maar sy bekommernis is nie  
dat hy siek sal word nie,  
ook nie dat sy lewe  
kortstondig is nie,<sup>\*</sup>  
maar dat hy moet meeding  
met goudsmede en silwersmede,  
en kopersmede moet navolg,  
en dit dan 'n eer ag dat hy  
vals voorwerpe vervaardig.

<sup>10</sup> Sy hart is as en sy hoop  
is minder werd as grond;  
ja, sy lewe is minder werd as klei,

<sup>11</sup> \* omdat hy nie die Een erken het  
wat hom gevorm het nie,  
en wat 'n aktiewe siel<sup>t</sup>  
in hom geplaas  
en 'n lewensasem in hom

---

\* **15:8 ná ... geneem is:** Gen 3:19; Ps 90:3; 104:29-30

<sup>s</sup>**15:8 siel:** Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat ná sy dood voortbestaan.

\* **15:8 wanneer ... word:** Luk 12:20

\* **15:9 lewe ... is nie:** Ps 39:5

\* **15:11** Gen 2:7

<sup>t</sup>**15:11 siel:** Die mens se bewuste, innerlike self.

geblaas het.

<sup>12</sup>\*Inteendeel, hulle ag ons lewe  
'n speletjie,  
en ons bestaan 'n winsgewende fees,  
want 'n mens moet, so sê hulle,  
'n bestaan maak,  
op watter manier ook al,  
selfs op 'n verkeerde manier.

<sup>13</sup>Want so 'n mens weet beter  
as almal  
dat hy sondig wanneer hy  
uit natuurlike stowwe  
sowel voorwerpe wat maklik breek  
as gekerfde beelde maak.

<sup>14</sup>Maar die vyande van u volk,  
wat u volk verdruk het,  
is almal uiters dwaas en ellendiger  
as die lewe<sup>u</sup> van 'n suigeling,

<sup>15</sup>\* omdat hulle al die heidense  
afgodsbeelde as gode beskou.  
Die afgodsbeelde kan nie hulle oë  
gebruik om te sien nie,  
en nie hulle neuse  
om lug in te asem nie,  
ook nie hulle ore  
om te hoor nie;

---

\*15:12 Jes 22:12-13; Hand 19:24; Jak 4:13-14

<sup>u</sup>15:14 lewe: Letterlik 'siel'. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

\*15:15 Ps 115:4-7; 135:15-18; Wys 13:18

hulle het nie vingers  
aan hulle hande  
om te voel nie,  
en hulle voete is nutteloos  
om mee te loop.

<sup>16</sup> \*'n Mens het hulle immers  
gemaak;  
iemand met 'n geleende gees  
het hulle gevorm.

Want geen mens kan 'n god vorm  
wat aan homself gelyk is nie.

<sup>17</sup> \*Maar omdat hy sterflik is,  
skep hy met sy wettelose hande  
iets wat dood is.

Hy is immers beter  
as die voorwerpe wat hy vereer;  
hy het wel lewe ontvang,  
maar hulle nooit nie.

<sup>18</sup> \*En die mees haatlike diere  
word vereer,  
want in vergelyking met  
die ander diere  
is hulle veel slegter daaraan toe  
vanweë hulle gebrek aan rede.

<sup>19</sup> En hulle is selfs nie mooi  
sodat 'n mens hulle sou begeer,

---

\*15:16 Wys 15:8

\*15:17 Wys 13:10

\*15:18 — 16:1 Wys 11:15

soos die geval is met die voorkoms  
van ander diere nie,  
maar ook die lof van God  
en sy seën\*  
het by hulle verbygegaan\*.

## 16

<sup>1</sup>\* Daarom is dit gepas dat hulle  
deur diere van so 'n aard gestraf  
en deur swerms ongediertes gefolter is.

<sup>2</sup>\* In teenstelling met so 'n straf  
het U 'n weldaad aan u volk bewys  
deurdat U kwartels,  
as voedsel met 'n ongewone smaak vir hulle,  
voorsien het om hulle  
knaende eetlus te stil.

<sup>3</sup> Die doel was dat daardie mense  
in hulle smagting na voedsel,  
vanweë die afstootlikheid  
van die ongediertes  
wat na hulle gestuur is,  
selfs sou wegbeweeg  
van hulle natuurlike eetlus,  
maar dat u volk, ná 'n kort tydjie  
van gebrek,

---

\* **15:19 God ... seën:** Gen 1:22,28

\* **15:19 by hulle verbygegaan:** Gen 3:14-15

\* **16:1** Eks 8:1-10; Ps 105:30; Wys 11:15-16

\* **16:2** Eks 16:12-13; Num 11:31; Wys 19:10-12

ook 'n ongewone smaak kon ervaar.

<sup>4</sup>Want dit was reg

dat 'n onvermydelike

skaarste aan voedsel

die oorheersers moes oorval,

terwyl aan u volk slegs getoon is

hoe hulle vyande

aanhoudend gefolter is.

<sup>5</sup>\*Want ook toe die vreesaanjaende

woede van wilde diere

u volk oorval het,

en hulle omgekom het deur die pik

van krioelende slange,

het u toorn nie enduit geduur nie;\*

<sup>6</sup>hulle is vir 'n kort tydjie

beangs gemaak om hulle te vermaan,

terwyl hulle 'n teken van redding

ontvang het om hulle te herinner

aan die bepalings van u wet.

<sup>7</sup>Want hy wat hom daarna<sup>v</sup> gekeer het, is gered —

nie op grond van wat hy

aanskou het nie,

maar vanweë U, die Verlosser

van alle mense.

<sup>8</sup>En hierdeur het U ook ons vyande

oortuig dat U die Redder

---

\*16:5-7 Num 21:6-9; Joh 3:14-15

\*16:5 u toorn ... nie: Wys 18:20

<sup>v</sup>16:7 daarna: Dit verwys na die teken van redding in Wys 16:6.



uit alle kwaad is.

<sup>9</sup>\*Want die byte van sprinkane  
en steekvlieë het hulle dood  
veroorzaak,  
en geen geneesmiddel is gevind  
om hulle lewens te red nie,  
omdat hulle verdien het  
om deur sulke gediertes  
gestraf te word.

<sup>10</sup>Maar selfs nie die tande  
van die giftige slange  
het u kinders ondergekry nie,  
want u ontferming het hulle  
te hulp gekom en hulle genees.

<sup>11</sup>Dit was tog om hulle aan u woorde  
te herinner dat hulle gestek is;  
hulle is egter gou gered  
sodat hulle nie in 'n put  
van diep vergetelheid sink  
en u weldadigheid ontbeer nie.

<sup>12</sup>\*Dit was nóg kruieplant  
nóg trekpleister  
wat hulle gesond gemaak het,  
maar u woord, Here,  
wat almal genees het.

<sup>13</sup>\*Want U het volmag oor lewe en dood

---

\*16:9 Eks 8:16-27; 10:12-17; Ps 78:45; 105:31; Op 9:3-12

\*16:12 Eks 15:26; Ps 107:20; Wys 16:26

\*16:13 Deut 32:39; 1 Sam 2:6; Tob 13:1-2; Matt 10:28; 16:18; Op 1:18

en U bring iemand af na die poorte  
van Hades<sup>w</sup> en lei hom weer omhoog.

<sup>14</sup> 'n Mens maak in sy boosheid  
wel dood,  
maar die lewensasem wat uitgegaan het,  
kan hy nie terugbring nie,  
ook nie 'n gevange siel<sup>x</sup> bevry nie.

<sup>15</sup> Dit is onmoontlik  
om aan u hand te ontkom.

<sup>16</sup> \*Want die goddeloses  
wat geweier het om U te erken,  
is gekasty deur u kragtige arm  
toe hulle deur buitengewone  
reënbuie en haelbuie  
en onverbiddelike stormbuie gejaag,  
en deur vuur verteer is.\*

<sup>17</sup> Maar die vreemdste van alles was  
dat binne-in die water wat alles blus,  
die vuur hewiger gebrand het,  
want die heelal veg aan die kant  
van die regverdiges.<sup>y</sup>

<sup>18</sup> Op 'n keer het die vlam bedaar

---

<sup>w</sup>**16:13 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

<sup>x</sup>**16:14 siel:** Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat voortbestaan na sy dood.

\* **16:16-19** Eks 9:22-25; Ps 78:47-49; 105:32

\* **16:16 buitengewone ... verteer is:** Eks 9:24-34

<sup>y</sup>**16:17 regverdiges:** Mense wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

sodat dit nie die diere wat teen  
die goddeloses gestuur is,  
sou verteer nie,  
maar dat hulle self by die aanskoue  
daarvan kon weet dat hulle  
deur God se oordeel agtervolg is.

<sup>19</sup> Op 'n ander keer het dit  
te midde van water sterker as  
die krag van vuur ontvlam,  
sodat dit die opbrengs  
van 'n sondige aarde kon vernietig.

<sup>20</sup> \*U het u volk, daarenteen,  
gevoed met die voedsel van engele,  
en onvermoeid voorbereide brood  
uit die hemel aan hulle voorsien,  
kragtige voedsel, lekker in elke opsig  
en gepas vir elke smaak.

<sup>21</sup> Want dié lewensonderhoud  
het u soetigheid aan u kinders  
geopenbaar,  
terwyl die voedsel die hongerlus  
bevredig het van elkeen  
wat dit geëet het,  
en aangepas is na elkeen se smaak.

<sup>22</sup> \*En ook het sneeu en ys  
die vuur weerstaan  
en nie gesmelt nie,

---

\*16:20-21 Eks 16:12-16; Ps 78:24-29; 105:40

\*16:22 Eks 9:23-25; Wys 19:20-21; Op 8:7

sodat hulle kon beseef dat die vuur  
wat in die hael aanhou brand  
en in al die reënbuie blits,  
die opbrengs van hulle vyande  
vernietig het.

<sup>23</sup> En tog, sodat die regverdiges  
gevoed sou word,  
het die vuur sy eie krag vergeet.

<sup>24</sup> Want die skepping,  
wat aan U as Skepper diensbaar is,  
span sy krag in  
om die onregverdiges te straf,  
maar verslap sy krag  
om goed te doen  
aan dié wat op U vertrou.

<sup>25</sup> Daarom ook, terwyl die skepping  
destyds allerlei veranderinge  
ondergaan het,  
het dit so in diens gestaan  
van u gawe wat almal voed,  
ooreenkomstig die wens  
van hulle wat bid,

<sup>26</sup> sodat u kinders, vir wie U, Here,  
liefhet, kon leer dat dit nie  
die kweek van gewasse is  
wat 'n mens voed nie,  
maar u woord, wat dié  
wat op U vertrou, onderhou.\*

---

\*16:26 dat dit ... onderhou: Deut 8:3; Wys 16:12; Matt 4:4

<sup>27</sup> Want dit wat nie deur vuur  
vernietig kon word nie,  
het eenvoudig weggesmelt,\*  
verwarm deur die eerste strale  
van die son,

<sup>28</sup> sodat daar besef kon word  
dat 'n mens voor sonop moet opstaan om U te dank  
en met dagbreek U in gebed  
moet ontmoet.\*

<sup>29</sup> Want die verwagting  
van 'n ondankbare  
sal wegs smelt soos winterry  
en wegvloei soos onbruikbare water.

## 17

<sup>1</sup> \*Groot is u oordeel inderdaad  
en moeilik verwoordbaar;  
dáárom het mense<sup>z</sup> wat hulle  
nie laat onderrig het nie  
op 'n dwaalspoor beland.

<sup>2</sup> \*Want net toe die wettelose mense  
gedink het hulle het  
die heilige volk in hulle mag,  
word hulle self gevangenes

---

\*16:27 eenvoudig weggesmelt: Eks 16:21

\*16:28 voor ... ontmoet: Ps 5:4; 57:9-10; 88:14

\*17:1 Rom 11:33-35

<sup>z</sup>17:1 mense Letterlik 'siele'. Die mens se bewuste, innerlike self.

\*17:2 Eks 10:21-23

van die duisternis.  
In die voetboeie geslaan  
van 'n eindelose nag,  
lê hulle ingekluister onder eie dak,  
verban van die ewige  
Voorsienigheid.

<sup>3</sup>\*Want hulle wat meen dat hulle  
geheime sondes onder 'n donker  
bedekking van vergetelheid  
nie ontdek sou word nie,  
is verward en hewig ontsteld,  
en word geteister deur drogbeelde.

<sup>4</sup>Selfs nie die diepste skuiling  
wat hulle beskerm het,  
kon hulle van vrees vrywaar nie:  
angswekkende dreunings  
het rondom hulle weerklink  
en droewige drogbeelde  
met somber gesigte het verskyn.

<sup>5</sup>Vuur was geheel en al  
nie kragtig genoeg  
om lig te gee nie,  
nóg kon die skittering  
van vlamme sterre  
dit regkry om daardie droewige nag  
op te helder.

<sup>6</sup>Daar het net vir hulle  
'n vreesaanjaende vlamme see

---

\*17:3-4 Ps 64:6; Wys 18:17; Sir 17:19-20

geskyn  
wat vanself ontbrand het,  
en in hulle angs het hulle  
dit wat hulle kon sien,  
as iets ergers beskou  
as daardie verskynsel  
wat hulle nie kon sien nie.

<sup>7</sup> \*Die huigelary van hulle  
towerkuns  
het platgeval,  
en hulle gespog oor hulle kennis  
is met minagting ontmasker:

<sup>8</sup> Hulle wat belowe het dat hulle  
vrese en ontsteltenis  
uit 'n siek siel<sup>a</sup> kan verdryf,  
het self gely onder  
'n belaglike vrees.

<sup>9</sup> Want selfs al was daar niks  
ontstellends wat hulle bang  
gemaak het nie,  
het hulle, verskrik deur  
die verbytrek  
van gevaarlike gediertes  
en die gesis van slange,  
bewend vergaan van angs  
en geweier om selfs na die lug  
te kyk,

---

\*17:7 Eks 7:11-12; 8:18; 9:11; Wys 18:13

<sup>a</sup>17:8 siel: Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

waar daar nêrens enige ontvlugting  
was nie.

<sup>10</sup> Want boosheid is iets lafhartigs  
wanneer dit deur  
sy eie getuienis  
veroordeel word;  
gekwel deur sy eie gewete,<sup>\*</sup>  
veronderstel dit altyd die ergste.

<sup>11</sup> Vrees is immers niks anders nie  
as die prysgee van die steun  
wat die rede bied;

<sup>12</sup> en innerlike verwagting,  
omdat dit swakker is,  
verkies onkunde oor  
wat die pyn veroorsaak.

<sup>13</sup> Terwyl hulle dié nag,  
wat werklik sonder krag was  
en opgekom het uit die dieptes  
van 'n kragteloze Hades,<sup>b</sup>  
dieselfde slaap geslaap het,

<sup>14</sup> <sup>\*</sup> is hulle enersyds deur tekens  
van drogbeelde voortgejaag,  
en andersyds verlam  
deur die verraad van hulle siel,<sup>c</sup>

---

<sup>\*</sup>17:10 gekwel ... gewete: 1 Tim 4:2; Tit 1:15

<sup>b</sup>17:13 Hades: Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk. Word ook vertaal “hel”.

<sup>\*</sup>17:14 Job 7:14; Dan 4:5; Wys 18:17-19

<sup>c</sup>17:14 siel: Vgl voetnoot by Wys 17:8.



want 'n skielike en onverwagse  
vrees  
het hulle oorval.

<sup>15</sup> So is dit dan:

Wie geval het waar hy eens was,  
is gevange gehou,  
toegesluit binne 'n tronk  
sonder tralies.

<sup>16</sup> Of dit nou 'n boer

of 'n herder was,  
of 'n arbeider, moeisaam  
aan die werk in die wildernis —  
hy is oorval en moes wag  
op sy onontwykbare lot,  
want almal is deur een ketting  
van duisternis vasgebind.

<sup>17</sup> \* Of daar nou die fluistering

van wind was,  
of die soet gesang van voëls  
in wyd uitgespreide takke,  
of die ritmiese geruis  
van sterk vloeiende water,  
of die harde gerammel  
van rotse wat na benede rol,

<sup>18</sup> of die onsigbare draf

van huppelende diere,  
of die brullende klank  
van die gevaarlikste wilde diere,

---

\* 17:17-20 Eks 10:23; Lev 26:36; Ps 53:6; Wys 19:17

of die eggo wat weergalm  
uit die holtes van berge —  
dit alles het hulle verlam van vrees.

<sup>19</sup> Die hele wêreld was immers  
gebaai in glansende lig  
en het ongestoord voortgegaan  
met sy werksaamhede.

<sup>20</sup> Slegs oor daardie mense  
was 'n benouende nag uitgesprei,  
'n beeld van die duisternis  
wat op hulle gewag het;  
maar hulle gemoedere  
was swaarder as die duisternis.

## 18

<sup>1</sup> Maar vir u heiliges was daar  
'n baie groot lig.  
Die vyande<sup>d</sup> wat hulle stemme  
gehoor het, maar nie  
hulle gestaltes kon sien nie,<sup>\*</sup>  
het die regverdiges<sup>e</sup> gelukkig geag  
omdat hulle nie gely het nie,  
<sup>2</sup> \* en hulle was dankbaar  
omdat die regverdiges hulle

---

<sup>d</sup>18:1 Die vyande: Letterlik 'Hulle'.

\* 18:1 Maar ... sien nie: Eks 10:23; Hand 9:7; 22:9

<sup>e</sup>18:1 regverdiges: Mense wat volgens God se wil lewe en wie se saak reg is voor God.

\* 18:2 Eks 12:33,36

nie skade berokken het nie,  
al is hulle vantevore  
onregverdig behandel,  
en hulle het om genade gesmeek  
omdat hulle van hulle verskil het.

<sup>3</sup>\* In teenstelling daarmee het U  
'n vuurkolom as gids  
vir die onbekende reis gegee,  
en 'n skadelose son voorsien  
op hulle roemryke reis  
na die vreemde.

<sup>4</sup>\* Hulle vyande is tereg van lig beroof  
en in duisternis gevange gehou,  
want hulle het u kinders  
agter slot en grendel gevange gehou —  
u kinders deur wie dit bestem was  
dat die onverganklike lig van u wet  
aan die wêreld gegee sou word.\*

<sup>5</sup> Hulle het beplan om die kindertjies  
van die heiliges dood te maak,\*  
maar toe een kindjie as vondeling\*  
agtergelaat en gered is,

---

\*18:3 Eks 13:21-22; Ps 105:39; Wys 10:17; 1 Kor 10:1

\*18:4 Wys 17:2

\*18:4 onverganklike ... word: Ps 119:105

\*18:5 kindertjies ... te maak: Eks 1:15-22

\*18:5 vondeling: Eks 2:1-10

het U 'n groot aantal van hulle kinders  
van hulle weggeneem\* as straf  
en hulle almal saam deur  
'n geweldige watervloed verdelg.\*

<sup>6</sup>\* Daardie nag is vooraf aan ons  
vaders bekend gemaak,  
sodat hulle, met die seker wete daarvan,  
hulle in die beloftes waarop hulle  
vertrou het, kon verbly.

<sup>7</sup> U volk het gewag op die redding  
van die regverdiges  
en die vernietiging van hulle vyande,

<sup>8</sup>\* want waarmee U die teenstanders  
gestraf het,  
daarmee het U aan ons, vir wie  
U geroep het, roem verleen.

<sup>9</sup> Want u heilige kinders van goeie ouers  
het in die geheim geoffer  
en hulle in eensgesindheid  
tot die wet van God verbind  
dat die heiliges in gelyke mate  
sou deel in dieselfde seëninge  
en dieselfde gevare,  
terwyl hulle reeds die vaders  
se lofliedere gesing het.

---

\* **18:5 groot ... weggeneem:** Eks 12:29-30

\* **18:5 deur ... verdelg:** Eks 14:26-30

\* **18:6** Gen 15:12-16; Eks 11:4-7; 12:29-30; Ps 105:42-43

\* **18:8-9** Eks 12:21-28; Deut 7:6; Wys 11:5; 18:9-10

<sup>10</sup> \*Daarteenoor het die vyande  
se luide geroep met 'n wanklank  
na hulle geëggo  
en weeklagte en 'n gejammer  
oor die kinders het oral opgeklink.

<sup>11</sup> \*Met dieselfde straf  
is slaaf en heerser getref  
en die gewone mens het dieselfde lot  
ondergaan as die koning.

<sup>12</sup> \*En saam het almal  
ontelbare dooies gehad —  
almal neergevel  
deur een en dieselfde dood.

Daar was trouens nie eers genoeg  
lewendes om die dooies  
te begrawe nie,  
aangesien die keur van hulle nageslag  
binne 'n oomblik omgekom het.

<sup>13</sup> Want vanweë hulle towerkunste  
het hulle al hierdie dinge  
met ongeloof bejeën,\*  
maar by die aanskoue van die dood  
van hulle eersgeborenes

---

\* **18:10** Eks 11:6; 12:30

\* **18:11** Eks 12:29-30

\* **18:12** Num 33:4; Wys 19:3

\* **18:13 vanweë ... bejeën:** Eks 7:11,22; 8:7,18; 9:11; Wys 17:7

moes hulle erken dat die volk

God se kinders is.\*

<sup>14</sup> \*Want toe alles in rus en stilte  
gehul was,

en die nag teen 'n vinnige pas  
halfpad verby was,

<sup>15</sup> \*het u almagtige Woord  
van sy koninklike troon in die hemel  
soos 'n meedoënlose kryger  
in die gedoemde land gespring  
met die skerp swaard  
— u onwrikbare bevel —

<sup>16</sup> en gaan staan en alles  
met die dood gevul,  
met sy kop wat aan die hemel raak,  
en sy voete op die aarde.

<sup>17</sup> \*Toe skielik het drogbeelde  
in nagmerries hulle ontstel,  
en onverwagse vrees het hulle oorval;

<sup>18</sup> en hier het een, daar 'n ander,  
halfdood neergeval  
en bekend gemaak  
waarom hulle sterwend was.

<sup>19</sup> Want die drome wat hulle  
geteister het,

---

\* **18:13 die volk ... kinders is:** Eks 4:22-23; 12:31,33

\* **18:14-16** Eks 11:4; 12:29

\* **18:15** Heb 4:12; Op 19:15

\* **18:17-19** Wys 17:14

het dit vooraf onthul,  
sodat hulle nie sou omkom  
sonder die besef  
waarom hulle so uitermate ly nie.

<sup>20</sup> \*Die ervaring van die dood  
het ook die regverdiges geraak  
en in die woestyn  
is 'n menigte verbrysel.

Maar die toorn van God  
het nie lank geduur nie,  
<sup>21</sup> want 'n onberispelike man<sup>f</sup>  
het inderhaas as kampvegter  
vir hulle in die bres getree;  
met die wapens van sy priesterlike  
amp, gebed en reukwerk,  
het hy versoening bewerk.

Hy het u toorn weerstaan  
en 'n einde gemaak aan die onheil;  
daardeur het hy getoon  
dat hy u ampsdraer is.

<sup>22</sup> Hy het die bittere woede oorwin;  
hy het nie met liggaamskrag nie,  
ook nie met die krag van wapens nie,  
maar met die woord die Een wat straf, \* onderwerp;

---

\* **18:20** Num 21:6-9; Wys 16:5

<sup>f</sup> **18:21 onberispelike man:** Verwys hier in Wys 18:21-22 na Aäron; vgl egter Eks 32:11-14; Num 14:13-20; 16:46-48; Ps 99:6.

\* **18:22 Een wat straf:** Eks 12:23; 1 Kron 21:12,15; 1 Kor 10:10

hy het dit gedoen deur hom te beroep op die beloftes en verbonde  
met die vaders.

<sup>23</sup> Die dooies het reeds in hope  
op mekaar gestapel gelê,  
toe hy in hulle midde gaan staan  
en die goddelike toorn afgeweer het  
deur die pad daarvan  
na die lewendes af te sny.

<sup>24</sup> \*Want die hele wêreld  
was op sy lang priestermantel uitgebeeld;  
ook die roemryke dae  
van die stamvaders  
was op vier rye edelstene gegraveer,  
en op die diadeem<sup>g</sup> van sy hoof  
was u majesteit.

<sup>25</sup> Voor hierdie dinge  
het die Wreker<sup>h</sup> gewyk,  
want hy het dit gevrees.  
Net die ervaring van die wraak  
was al genoeg.

## 19

<sup>1</sup> Maar onbarmhartige toorn  
het tot die einde toe  
oor die goddeloses gekom,

---

\*18:24 Eks 28:15-39; Sir 45:9-11

<sup>g</sup>18:24 diadeem: Kosbare, versierde voorhoofband.

<sup>h</sup>18:25 Wreker: Wys 18:22.



want God<sup>i</sup> het hulle toekoms  
vooruit geken —  
<sup>2</sup> dat hulle, nadat hulle  
die Israeliete<sup>j</sup> toegelaat het  
om te vertrek  
en selfs met haas weggehelp het,<sup>\*</sup>  
van plan sou verander en hulle  
sou agtervolg.<sup>\*</sup>  
<sup>3</sup> Terwyl hulle nog smart beleef  
en rou bedryf het by die grafte  
van hulle dooies,<sup>\*</sup>  
het hulle 'n verdere  
dwase besluit geneem  
en dieselfde mense wat hulle  
smekend laat gaan het,  
as voortvlugtiges agtervolg.  
<sup>4</sup> 'n Noodlot, wat hulle verdien het,  
het hulle tot die uiterste gedryf,  
en hulle alles laat vergeet  
wat gebeur het,  
sodat hulle nog die smarte kon ly  
wat nodig was om die straf  
te voltooi,

---

<sup>i</sup>**19:1 God:** Letterlik 'Hy'.

<sup>j</sup>**19:2 die Israeliete:** Letterlik 'hulle'.

<sup>\*</sup>**19:2 met ... weggehelp het:** Eks 11:1; 12:31-33

<sup>\*</sup>**19:2 plan ... agtervolg:** Eks 14:5-9

<sup>\*</sup>**19:3 Terwyl ... dooies:** Wys 18:10,12

<sup>5</sup> \* en u volk 'n wonderbaarlike reis  
kon onderneem,  
maar die vyande 'n vreemde dood  
sou ervaar.

<sup>6</sup> \* Want die ganse skepping is in sy aard  
weer van voor af gevorm  
in onderdanigheid aan u bevele,  
sodat u kinders ongedeerd  
bewaar kon word.

<sup>7</sup> Die wolk\* wat die laer oorskadu het,  
en die verskyning van droë land\*  
waar vroeër water was, is gesien —  
'n pad wat sonder hindernisse  
uit die Rooisee<sup>k</sup> lei  
en 'n grasvlakte  
wat uit 'n geweldige vloedgolf  
te voorskyn kom.

<sup>8</sup> Onder die beskutting van u hand\*  
het die hele volk daarlangs deurgetrek,  
nadat hulle verstommende  
wondertekens aanskou het.

---

\*19:5 Eks 14:21-30

\*19:6 Wys 5:17; 16:24

\*19:7 wolk: Eks 13:21-22; Num 9:17; Ps 105:39; 1 Kor 10:1

\*19:7 droë land: Eks 14:16,21-22

<sup>k</sup>19:7 Rooisee: In Eks 10:19; 13:18 en elders word die Hebreeuse pleknaam vertaal as “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit as “Rooisee”. In antieke tye kon die “Rooisee” waarskynlik na sowel die Golf van Suez (Rooisee) as die Golf van Akaba verwys het.

\*19:8 beskutting ... hand: Wys 5:16

<sup>9</sup> \*Want hulle was soos perde wat wei  
en soos lammers wat huppel  
terwyl hulle U, Here, prys —  
U wat hulle gered het!

<sup>10</sup> \*Want wat in die land van hulle  
vreemdelingskap gebeur het,  
het hulle nog onthou:  
hoe die land in plaas van vee  
insekte voortgebring het,  
en die rivier in plaas van visse  
'n menigte paddas uitgespoeg het.

<sup>11</sup> \*Later het hulle die ontstaan  
van 'n nuwe voëlsoort aanskou;  
toe hulle deur hulle aptyt gedryf is  
en gebid het vir lekkernye om te eet,  
<sup>12</sup> het daar tot hulle troos kwartels  
van die see af vir hulle opgestyg.

<sup>13</sup> Maar strawwe het die sondaars oorval,  
nie sonder die geweld van donderweer  
vooraf as waarskuwingstekens nie.  
Hulle het hulle verdiende loon gekry  
vir hulle eie booshede,  
want hulle het inderdaad  
'n ongekenende vreemdelinge haat  
gekoester.

---

\*19:9 Eks 15:1-21

\*19:10 Eks 8:6,16-17; Wys 16:1,9

\*19:11-12 Eks 16:13; Num 11:31-32; Wys 16:2-3

<sup>14</sup> \*Want daar was mense  
wat die onbekendes  
wat by hulle aangekom het,  
nie ontvang het nie,  
maar hierdie mense het hulle gaste,  
wat hulle weldoeners was,  
tot slawe gemaak.

<sup>15</sup> En nie alleen dit nie,  
maar 'n straf sal hulle te beurt val,  
aangesien hulle die vreemdelinge  
vyandig ontvang het.

<sup>16</sup> Maar daar is diegene wat hulle  
met feesvieringe ontvang het,  
en toe hulle reeds gelyke regte  
gehad het,\*  
hulle met dwangarbeid onderdruk het.\*

<sup>17</sup> \*Daarom is hulle  
met blindheid geslaan,  
net soos daardie mense by die deure  
van die regverdige man,<sup>1</sup>  
toe hulle omgewe is  
van gapende duisternis  
en elkeen getas het na die ingang  
van sy eie deur.

---

\*19:14-15 Gen 15:13-14; 41:37-57; Eks 1:8-14; 2:22

\*19:16 hulle met ... regte gehad het: Gen 45:17-20; 47:1-12

\*19:16 met dwangarbeid ... het: Eks 1:8-14; 5:4-18

\*19:17 Eks 10:21-23; Wys 17:2

<sup>1</sup>19:17 regverdige man: Lot; vgl Gen 19:11; Wys 10:6; 2 Pet 2:7.

<sup>18</sup> Want die natuurelemente  
het onderling verander,  
net soos die snare op 'n harp<sup>m</sup>  
die melodielyn verander  
terwyl elke snaar steeds  
sy eie toon behou,  
soos 'n mens kan aflei  
uit 'n noukeurige waarneming  
van wat gebeur het.

<sup>19</sup> Want landdiere  
het in waterdiere verander,<sup>n</sup>  
en swemmende diere  
het land toe gekom.<sup>o</sup>

<sup>20</sup> Vuur het te midde van water  
sy eie krag behou,  
en water het sy blussende aard vergeet.

<sup>21</sup> \*Vlamme, weer, kon nie die vlees  
van verganklike wesens  
wat daarin rondgeloop het,  
verteer nie,  
en die substansie van hemelse voedsel  
kon nie langer smelt soos ys  
wat maklik smelt nie.

<sup>22</sup> \*Want in alle opsigte, Here,

---

<sup>m</sup>**19:18 harp:** 'n Driehoekige snaarinstrument met 'n klankbord.

<sup>n</sup>**19:19 landdiere ... verander:** Israeliete se vee; Eks 12:38; 14:22-23,30.

<sup>o</sup>**19:19 swemmende ... gekom:** Paddas; Eks 8:1-7.

\***19:21** Eks 16:21; Wys 16:17-19,22-23,27

\***19:22** Lev 26:44; Jes 45:17,25

het U u volk groot gemaak en verheerlik  
en hulle nie in die steek gelaat nie,  
deurdat U hulle te alle tye  
en op alle plekke bygestaan het.